
HOOFTUK 3

Die oorsprong van die herhaling van taalvorme moet in die eerste plek in die affek gesoek word - dit wil sê die herhalings dien veral om vollediger uitdrukking te gee aan allerlei gevoelskakerings by die spreker of skrywer.

Scholtz (1963)

SEMANTIESE HERHALING OP WOORDVLAK

	Bladsy
3.1 INLEIDING	152
3.2. SEMANTIESE HERHALING VAN AFFIKSE	158
3.2.1 Kategorie 1 (<i>krummeltjie</i>), Kategorie 2 (<i>rokkietjie</i>)	158
3.2.2 Kategorie 3 (<i>gehakkelry, gelopery</i>)	165
3.2.3 Kategorie 4 (<i>eiers, kinders</i>), Kategorie 5 (<i>vrouens, boewens</i>), Kategorie 6 (<i>byeenkomstes</i>)	168
3.2.4 Kategorie 7 (<i>simposiums, simposia, simposias</i>)	180
3.2.5 Kategorie 8 (<i>rooierder</i>), Kategorie 9 (<i>onmagteloos</i>) Kategorie 10 (<i>huidiglik, kragtigheid</i>)	182
3.3 SEMANTIESE HERHALING VAN STAMME	202
3.3.1 Kategorie 11 (<i>tortelduif</i>), Kategorie 12 (<i>brokstuk</i>)	202
3.3.2 Kategorie 13 (<i>bulldoghond</i>)	211
3.3.3 Kategorie 14 (<i>lag-lag, klompie-klompie</i>)	216
3.3.4 Kategorie 15 (<i>pragtig-mooi, woedend kwaad</i>), Kategorie 16 (<i>sopsopnat, papsopnat</i>)	229
3.4 SAMEVATTING	237

3.1 INLEIDING

Dit is die doel van hierdie hoofstuk om semantiese herhaling op leksikale/woordvlak te ondersoek. Die volgende voorbeelde dien as illustrasie van 'n paar van die onderhawige SH-soorte:

[3-1a]

Die *eiers* wat in die *mandjietjie* gepak was, het op die
rokkietjie van die *meisietjie* geval; haar ma was
smoor-smoorkwaad daaroor.

Daar word kortliks indringend na hierdie soort voorbeelde gekyk. In Afrikaans kom daar 'n groot aantal gevalle voor van affiksherhaling, in die besonder dié van suffiksherhaling.

Die voorbeelde *eiers*, *mandjietjie* en *meisietjie* het elk twee semanties identieke meervoudsvorme waarvan die eerste suffiks (wat direk regs langs die stam voorkom) die diachroniese suffiks is. Hierdie suffiks vorm tesame met die stam, die sinchroniese stam waaraan die gewone diminutiefmorfeem of meervoudsmorfeem gekoppel word. Vergelyk die volgende uiteensetting:

[3-1b] ¹(B = A)
 [ei er] s
 [mand jie] tjie
 [meis ie] tjie

Die diachroniese affiks is net op grond van 'n diachroniese verdeling isoleerbaar van die stam. Met verloop van tyd het hierdie diachroniese suffiks semanties verslete geraak en semanties morfologies een geword met die stam en tree tans só as geheel op as die enkelvoudsvorm. Hierdie slytproses lei daartoe dat die diachroniese suffiks semanties onfunksioneel raak.

Die proses het tot gevolg dat 'n tweede, sinchroniese suffiks met dieselfde semantiese waarde as die oorspronklike suffiks, bygevoeg word. Vergelyk die volgende voorstelling van die diachroniese proses:

¹ Binne die SH-woordstruktuur word die diachroniese element as die B-element beskou, terwyl die A-element verwys na die sinchroniese element.

[3-1c]

STAP 1	A	STAP 2	B	=	A
	0-suf.		0-suf.		
-el in kreuk	el	[kreuk el]	tjie		(dim.)
-er in ei	er	[ei er]	s		(mv.)

waar (A > B) + A.

Die oorspronklik semantiese krag van die sinchroniese element A (stap 1) het met verloop van tyd verbleek. Sinchronies gesproke is hierdie affiks tans vir die taalgebruiker semanties leeg (hierdie "leegheid" word in stap 2 se uiteensetting aangetoon as 0). Die -el in kreukel en die -er in eier dra nie langer semanties gewig as onderskeidelik diminutief- en meervoudsuffiks nie; daar word derhalwe gesoek na 'n sinoniemssubstituut waardeur 'nuwe' semantiese krag verleen word aan onderskeidelik die diminutief- en meervoudswaarde van die lekseem. Die struktuur (B = A) word gebruik om aan te toon dat daar identieke semantiese herhaling van die diminutiefmorfem is: B is die diachroniese en A die sinchroniese morfem, en die morfeme is semanties identiek.

Die oorspronklike onafhanklike stammorfem, naamlik: kreuk, verander na 'n afhanklike woorelement kreuk- wat in Afrikaans in kombinasie met die suffiks -el 'n nuwe s.nw. kan vorm; slegs in onkreukbaar kom kreuk in sy oorspronklike vorm en betekenis voor.

Die stammorfem ei toon dieselfde ontwikkelingspatroon: van onafhanklike stam tot afhanklike element ei- wat wel nog voorkom alleen in die samestelling eiwit en selfstandig in (iets) vir 'n appel en ei koop/verkoop.

Indien die etimologiese ontwikkeling van hierdie twee groepe lekseme nagegaan word, blyk dit dat hierdie SH-reste wat vandag nog in Afrikaans bestaan, in die meeste gevalle selfs reeds in Middelnederlands voltrokke was ².

Daardie affikse wat slegs nog diachroniese waarde het, staan in die ontledings bekend as 0-morfeme; elk van hierdie morfeme het mettertyd so vasgegroeï aan sy stam dat daar nie meer 'n afsonderlike morfem onderskei word nie. Die struktuur (B = A) geld wel in hierdie gevalle waar B verwys na die stam + diachroniese element met semantiese 0-waarde, en A na die sinchroniese element met sterk semantiese waarde. In die gevalle waar A en B in die relasie (A = B)/(B = A) volkome sinonieme is, bestaan daar uiteraard nie 'n kern-bepalerverhouding nie en A en B dra eweveel semantiese gewig; die een is dus nie semanties ondergeskik aan die ander nie.

Na analogie van voorgaande meervouds- en diminutiefpatroon kom soortgelyke morfologiese konstruksies voor op sinchroniese vlak:

² Dit is belangrik om op die volgende te let: "Etimologiese deursigtigheid is egter nie van belang in gewone gesprekke nie omdat woorde korrek gebruik word sonder dat die etimologiese betekenis noodwendig bekend is" (Meiring, 1985: 148).

Na analogie van voorgaande meervouds- en diminutiefpatroon kom soortgelyke morfologiese konstruksies voor op sinchroniese vlak:

[3-1d]

$${}^3(A = B)$$

[rokk + ie] *tjie*

Duplikasievorme soos smoor-smoor- in smoor-smoorkwaad is vormlik identiek; deur die opstapeling van sodanige identieke elemente word 'n toename in intensiteit bewerk:

[3-1e]

$$(B + A)$$

[B2 = B1]
smoor-smoorkwaad

Al die voorbeelde van semantiese herhaling wat op woordvlak val, is per definisie **komposita**. Die verskillende kategorieë word onderskei op grond van die sinonieme verband (volkome of gedeeltelik) wat bestaan tussen die elemente van sodanige SH-kompleks.

Twee groot kategorieë word onderskei, naamlik:


- (1) komposita waarin affiksherhaling voorkom, en
- (2) komposita waarin stamherhaling voorkom.

Daardie komposita waarin affiksherhaling voorkom, hoort in 'n baie groot mate tot twee woordsoorte, naamlik die s.nw. en adjektief. Die affikse wat volkome sinonieme is, kombineer met 'n s.nw.-stam en is vormlik nie-identiek. Semantiese herhaling kom onder andere voor in die enkelvoud en die meervoud. Die onderskeid **diachronies** x **sinchronies**, **Germaans** x **Romaans** en **analogieformasies** is van belang.

Die affikse wat volkome sinoniem is, kombineer met 'n adjektief en is semanties identiek en vormlik nie-identiek (duplikasievorme word as 'n afsonderlike kategorie bespreek). Semantiese herhaling kom ook voor ten opsigte van trapvorming en die negatief. Vergelyk die volgende diagram:

³ Indien albei die betrokke suffikse op sinchroniese vlak funksioneer, is die suffiks wat direk regs van die enkelvoudstam staan, die onweglaatbare dit wil sê noodsaaklike A-morfeem; suffiks B is redundant.

[3-2a]



Die semantiese relasie wat ten opsigte van al die kategorieë geld, is dié van volkome sinonimie tussen die SH-elemente A en B. Die struktuur (A = B) beteken óf A en (B) is semanties identiek, óf A en B is vormlik identiek.

Vergelyk die volgende verkorte uiteensetting waarvolgens die onderskeie kategorieë georden word (in al hierdie gevalle geld die struktuur (A = B)/(B = A):

- (1) S.nw., ekv., diminutiefherhaling, diachronies (vb.: krummeltjie)
- (2) S.nw., ekv., diminutiefherhaling, sinchronies (vb.: rokkietjie)
- (3) Ww., frekwentatief, sinchronies (vb.: gespelery)
- (4) S.nw., mv.-morfeemherhaling, diachronies (vb.: eiers)
- (5) S.nw., mv.-morfeemherhaling, diachronies (vb.: vrouens)
sinchronies (vb.: boewens)
- (6) S.nw., mv.-morfeemherhaling, sinchronies (analogie) (vb.: deugdes)
- (7) S.nw., mv.-morfeemherhaling, Romaans x Germaans, leenwoord x eiewoord, kontaminasie weens analogie (vbe. memoranda, memorandums, memorandas)
- (8) Adj., vergrotendetrap-herhaling, sinchronies (vb. rooier, rooierder)
- (9) Adj., negatiefmorfeem-herhaling, diachroniese betekenis, sinchronies (vb. guur x onguur)
- (10) Analogie, suffiksherhaling, adj. (vb. -iglik), s.nw. (weer eens: ge ery; dan ook -igheid, -heid, -ing)

Daardie komposita waarin stamherhaling voorkom, hoort tot twee woordsoortkategorieë, naamlik die s.nw. en adjektief. Die stamme wat saam 'n s.nw. vorm, word onderskei as toutologieë en meertaalvorme. Die stamme wat saam 'n adjektief vorm, word onderskei as determinante en intensiewe. Die semantiese relasie **kern : bepaler** geld in hierdie gevalle. Die elemente van die stamherhalings is semanties identiek en vormlik nie-identiek. Die volgende strukture geld in hierdie gevalle: (A + B)/(B + A).

Die tradisionele ⁴"reduplikasievorms" (genoem duplikasie in hierdie studie) wat ook onder stamherhalings ressorteer, verskil in onder andere drie belangrike opsigte van die ander stamherhalingskategorieë. Duplikasie is nie beperk tot 'n bepaalde woordsoort nie; die elemente van 'n duplikasiekonstruksie is vormlik identiek. Die verskillende herhalingselemente tree as geheel op om byvoorbeeld intensiteit te vergroot. Daar is enkele duplikasies wat idiomaties vasgelê is. Die duplikasiepatroon van identieke vormlike herhaling kom ook voor in die adjektief-intensiewe, byvoorbeeld:

[3-2b]

(B + A)
[B3=B2=B1]
sop-sop-sop nat
teenoor

[3-2c]

(B + A)
[B3=B2=B1]
pap-sop-water nat


In laasgenoemde geval geld semantiese identiekheid en vormlike nie-identiekheid. In die geval van duplikasie geld die volgende struktuur:

(A = B)
klompie-klompie

Vergelyk die volgende diagram:

⁴ Duplikasievorme kom op woord- en stukvlak voor.

[3-2d]



- (11) S.nw., ekv., ss., toutologie, diachronies (vb. tortelduif) (B + A)
- (12) S.nw., ekv., ss., toutologie, synchronies (onder ander vb. brokstuk) (A = B)/ (B + A)
- (13) S.nw., ekv., ss., meertaalvorm, synchronies (vb. bulldoghond) (B + A)
- (14) S.nw., ss., duplikasie (vbe. kou-kou, lag-lag) (A = B)
- (15) Ss., adj., determinatief (vb. pragtig-mooi) (B + A)
- (16) Ss. adj., intensief
 (vb. papsopnat) (([B2 = B1] > B) + A) (semanties identiek)
 (vb. pappapnat) (([B2 = B1] > B) + A) (semanties én vormlik identiek)

3.2 SEMANTIESE HERHALING VAN AFFIKSE

3.2.1 BESPREKING VAN (1) EN (2)

Semantiese herhaling van die volgende soort met die struktuur (A = B)
ressorteer hieronder:

[3-3a] Daar lê nie 'n *krummeltjie* op die mat nie.

[3-3b] Die *mandjietjie* is te klein vir die klomp vrugte.

[3-3c] Die babadogtertjie het die mooiste *rokkietjie* aan!

Bespreking van (1)


In die woorde *krummeltjie* en *mandjietjie* is daar diachroniese elemente aanwesig, naamlik die morfeem *-el* (wat reeds in Middelnederlands voorkom), en die morfeem *-jie* (wat meer resent ontwikkel het).

Hierdie *-el* en *-jie* het met verloop van tyd semanties geslyt geraak; die suffiks raak onfunksioneel as diminutiefmorfeem en gevolglik word die diminutiefsuffiks 2 bygevoeg. Hierdie suffiks 2 dien as diminutief-substituut vir suffiks 1 en dra nou semanties gewig as diminutief. Synchronies bestaan daar 'n behoefte aan 'n 'bekende' (synchronies algemene) diminutiefmorfeem en dit lei tot die SH-toevoeging van die *-tjie*-morfeem.

Die s.nw.-voorbeelde bestaan uit:

kern (stam + diachr. suffiks) + diminutiefbepaler (sinchr. diminutief *-(t)jie*)

SKEMA 1



Hoewel 'n woord soos baadjietjie lyk asof dit ook onder hierdie groep ressorteer, is dit nie die geval nie; baadjie is 'n leenwoord uit Maleis badjoe. Badjoe het 'n klankverandering ondergaan tot baadjie moontlik na analogie van (?) die groot groep woorde in Afrikaans op -(t)jie; die -jie in baadjie is dus nie 'n diachroniese 0-morfeem soos die geval met die -el in krummel nie.

[3-4a] *krummeltjie*

Oor onder andere die -el-woorde beweer Van der Merwe (1966: 77) die volgende: "Daarnaas het Oergermaans ook 'n agtervoegsel op -l- gehad wat in hoofsaak afstamming en verkleining aangedui het, bv. Latyn filiola (dogtertjie), Goties mawilo (dogtertjie) en barnilo (kindjie). Ons vorme soos korrel, stengel, druppel, krummel, en kwartel gaan almal terug op Suid-Nederlands waar hierdie -el vir die verkleining gebruik is. Dit weet ons egter nie meer goed nie en nou maak ons daar 'n dubbelvorm van: korreltjie, stengeltjie, ens., om die verkleining aan te dui."

In die volgende uiteensetting word die Nederlandse en Afrikaanse vorme gegee:

[3-4b]

Nederlands				Afrikaans	
diachronies		sinchronies		sinchronies	
Ekv. +0-dim.suf.		(stam +0-dim.suf.) +dim.suf.		stam +0-dim.suf. +dim.suf.	
<i>dremp</i>	<i>el</i>	<i>drempel</i>	<i>tje</i>	<i>drempel</i>	<i>tjie</i>
				<i>drumpel</i>	<i>tjie</i>
<i>drupp</i>	<i>el</i>	<i>druppel</i>	<i>tje</i>	<i>druppel</i>	<i>tjie</i>
<i>fromm</i>	<i>el</i>	<i>frommel</i>	<i>tje</i>	<i>frommel</i>	<i>tjie</i>
				<i>frummel</i>	<i>tjie</i>
<i>kreuk</i>	-	<i>kreukel</i>	<i>tje</i>	<i>kreukel</i>	<i>tjie</i>
<i>kruim</i>	-	<i>kruimel</i>	<i>tje</i>	<i>krummel</i>	<i>tjie</i>

Die volgende blyk uit 'n ondersoek na die individuele gevalle:

[3-4c] *drumpel/drempel*

In Nederlands kom slegs drempel(tje) voor. In Frank-Van Wijk se etimologiese woordeboek kom drumpel voor as 'n Friese dialekvorm.

In Afrikaans kom sowel drumpel as drempel voor, waar laasgenoemde volgens HAT figuurlik dui op "die plek van ingang; begin (op die drempel van die lewe) (in navorsers se idiolek kom uitsluitlik die vorm drumpel vir sowel die figuurlike as letterlike betekenis voor; daar is semanties geen behoefte aan twee vorms nie.)

Die samestellings drumpelvreter en drumpelwagter kom voor in Afrikaans.

[3-4d] *druppel*

In Nederlands kom drup (mv. druppen) wat beteken "druppel" voor. Die Nederlandse druppel en droppel se diminutief is onderskeidelik druppeltje en droppeltje.

In Afrikaans staan drup naas druppel ("Gesaaides wat nog geen drup gehad het nie" HAT) hoewel drup die vorm is met die lae gebruiksfrekwensie. In afleidings en samestellings verskil die gebruik van drup naas druppel egter, want eersgenoemde kom meer voor wanneer dit as stammorfeem binne 'n kompositum optree; die verwante vorm druip tree ook in sekere gevalle op as stammorfeem. (Die keuse val op druppel teenoor druip in druipsteen, ens. omdat laasgenoemde nie die -el-morfeem het nie en druip- se kombinasie moontlikhede teenoor dié van druppel gestel kan word.)

Vergelyk die volgende:

drup	druppel	druip
<i>drup(p)er</i> <i>drupbottel</i> <i>drupgrot/-kelder</i> <i>drupsteen</i> <i>drup(s)gewys</i>	<i>druppel(s)gewys</i> <i>druppelaar</i> <i>druppelteller</i>	<i>druipgrot</i> <i>druipsteen</i> <i>druipstert</i> <i>druipnat</i> <i>druipoog</i> <i>druipsnor</i> <i>druipvet</i>

[4-4e] *frommel*

In Nederlands kom geen *from en ook geen *frummel voor nie.

In Afrikaans kom die volgende voor as s.nw. en as ww.: frommel:

<i>frommel(s)</i>	}	afleidings
<i>frommeltjie(s)</i>		
<i>frommeling</i>		
teenoor	}	samestellings
<i>frommeloort</i>		
<i>frommelplooi</i> (ook <i>frummelplooi</i>)		

Die s.nw. frummels word aangegee in die meervoudsvorm. Die woord beteken "stukkies van iets wat fyngefrummel is, bv. deeg wat in melkkos of melksop kom" (HAT).

[3-4f] *kreukel*

In Nederlands beteken kreuk (mv. kreuken) "verkeerde, vals vou". Die vorme

<i>kreukels</i>	}	afleidings
<i>kreukeltje</i>		
<i>kreukelen x kreuken</i>		

kom ook voor.

In Afrikaans is die inskrywing net onder kreukel en nie onder kreuk nie; die volgende kom voor:

Samestelling	Afleiding	Samestellende afleiding
<i>kreukelpapier</i>	<i>kreukeling</i>	<i>kreukelherstellend</i>
<i>kreukeltraag</i>	<i>kreukelrig</i>	
<i>kreukelvry</i>		

Vergelyk onkreukbaar, onkreukbaarheid wat in figuurlike betekenis gebruik word.

[3-4g] *kruim*

In Nederlands kom die s.nw. kruim voor, maar volgens Van Dale word die woord tans meestal in die verkleiningsvorm, naamlik kruimel gebruik. Benewens kruimel word die verkleiningsvorm kruimeltje gegee. In hierdie geval is die SH-proses ook voltrek: [kruim + el] + tje (behoefte op sinchroniese vlak aan 'n (tweede/verdere) diminutiefmorfeem).

In Afrikaans beteken kruim alleenlik die "sagte, binneste gedeelte van 'n brood" (HAT). Die samestellende afleiding kruimtoebroodjie word aangegee in HAT; verder word slegs krummelrig en krummelvleis aangegee ⁵.

[3-4h] *mandjietjie*

Daar is 'n hele aantal Afrikaanse woorde wat op die volgende wyse ontleed kan word:

[stam + diachr. dim.] + sinchr. dim.

[mand jie] + tjie

Daar is baie woorde in Afrikaans wat

- * sinchronies op 'n -ie/-jie/-tjie uitgaan;
- * 'n bepaalde betekenis het as vorm wat op 'n dim.-morfeem uitgaan (dit wil sê wat nie noodwendig net die klein weergawe van 'n bepaalde s.nw. is nie), en
- * nie in elke geval so 'n bepaalde s.nw. as teenhanger het nie.

B.J. Hoff (1981: 149) beweer ten opsigte van vorme soos bogenoemde mandjietjie en sy eie voorbeeld van puisie > puisietjie die volgende: "Omdat de afkeer van opeenvolging van identieke affixen wel degelijk kan word aangetoond (Uhlenbeck 1953: 92) lijkt het waarschijnlijk dat in het Afrikaans de iteratieve toepassing eerst vaste voet heeft gekregen bij formaties als puisietjie, en zich vandaar heeft uitgebreid over het type blaartjietjie."

Op die oog af lyk dit of almal diminutiewe is, maar by nadere ondersoek word dit duidelik dat daar semanties verskillende groepe onderskei kan word. Die onderskeid word getref op grond van die diachroniese ontleding wat geld, en die voorbeelde wat sinchronies 'n verdere paradigma vorm:

⁵ Boshoff, Kok en Snijman (1964): Kruim en kors
Kruim: tydskrif uitgegee deur PU vir CHO (1977 - 1981)


[3-4i]

Afrikaanse woorde op dim.-morfeem			
diachroniese ontleding		sinchroniese ontleding	
Nederlands	leenwoorde	Afrikaans	
<i>mandjie</i>	<i>Mal.-Port.: baadjie</i>	<i>toebroodjie</i>	
<i>bietjie</i>	<i>Frans: karnallie</i>	<i>besie</i>	
<i>koppie</i>	<i>Engels: tiekie</i>		
<i>agie</i>	<i>Khoi-Khoi: geitjie</i>		
<i>meisie</i>	<i>Suid-Sotho: ramkie</i>		

Woorde soos toebroodjie en besie het teenhangers in Afrikaans wat sonder die diminutief optree, naamlik brood en bees onderskeidelik. Hierdie leksikale items sonder die diminutief het óf 'n geheel ander betekenis (soos bees x besie (insek)) óf dit het 'n bepaalde gebruiksmilieu (soos toebroodjie (spesifieke soort broodgereg) x brood (as superordinaat)).

Daar is talle idiome/idiomatiese uitdrukkings in Afrikaans waar die diminutief die kernwoord is; die status van die meeste van hierdie diminutiewe word egter nie aangetas nie. Vergelyk die volgende:

[3-4j]



Die volgende interessante analogievorme is waargeneem by 'n jong moedertaal-verwerwertjie:

[3-4k]

Mamma, trek my <i>baad</i> uit, ek kry warm.	}	2-jarige
Die <i>nar</i> smaak lekker.		}
Gee vir my 'n <i>stroot</i> vir die koeldrank.		
Daar sit 'n <i>mug</i> op die vrugte.	nou 3 jaar oud	

Hierdie kind is op twee jaar reeds ten volle bewus daarvan dat die *-ie*-morfeem en sy verwante vorme die diminutief aantoon en dat daardie diminutief wat op morfeemvlak benoem word 'n weerspieëling is van die werklike kleinheid van dit waarna die s.nw. verwys. Daarom laat hy hierdie morfeme deurgaans weg om die betrokke s.nwe. gelyk te stel aan die ander s.nwe. wat onder 'gewone' omstandighede nie as diminutiewe optree nie. Hy is nie bewus van die onderliggende etimologie nie, en dat dit wat sinchronies op klankvlak soos 'n diminutief optree nie werklik 'n diminutief is nie. Hy pas sy reël konsekwent toe deur morfeemskrapping. Hy wil mos nie 'n ou klein nartjietjie hê nie, maar 'n nartjie so groot soos wat 'n nartjie moet wees!

Bespreking van (2)

Die voorbeelde wat hieronder ressorteer, funksioneer op sinchroniese vlak. Hier is ook 'n stapeling van twee diminutiefmorfeme direk naas mekaar; die semantiese herhaling wat hierdeur bereik word, verskil egter van dié in (1) waar die een diminutief sy semantiese waarde verloor het en daardie verlies gevul word deur diminutief 2.

Die volgende is gevalle van kwasi-iteratiewe vorme in Afrikaans (omdat die diminutiefsuffikse volgens die bepaalde fonologiese omgewing verskil in spelling/vorm). Omdat die semanties morfologiese verdeling sodanig is, word die verskynsel naamlik dié van **identieke semantiese herhaling**, hieronder behandel. Die diminutiefherhaling is slegs ten opsigte van die voorbeeld stoeltjietjie vormlik identiek. (Vergelyk die hantering van 'n soortgelyke verskynsel, naamlik duplikasie.)

In die onderhawige geval is al die komponente van die afleiding bekend op sinchroniese vlak. Ander oorwegings vir die dubbelgebruik van die diminutiefmorfeem geld in hierdie gevalle, onder andere die uitdruk van vertedering, simpatie, empatie (as positiewe fasette) teenoor verkleinering, afpraat, sarkasme (as negatiewe fasette).

Vergelyk die volgende uiteensetting:

[3-5]

simpleks	kompleks afleiding			
	stam	+ dim.	>	stam + dim. + dim.
<i>rok</i>	<i>rok(k)</i>	<i>ie</i>		<i>rokkie</i> <i>tjie</i>
<i>boek</i>	<i>boek</i>	<i>ie</i>		<i>boekie</i> <i>tjie</i>
<i>kalf</i>	<i>kalf</i>	<i>ie</i>		<i>kalfie</i> <i>tjie</i>
<i>sand</i>	<i>sand</i>	<i>jies</i>		<i>sandjie</i> <i>tjies</i> ⁶
<i>stoel</i>	<i>stoel</i>	<i>tjie</i>		<i>stoeltjie</i> <i>tjie</i>
<i>kar</i>	<i>kar(re)</i>	<i>tjie</i>		<i>*karretjie</i> <i>tjie</i> ⁷


3.2.2 BESPREKING VAN (3)

Semantiese herhaling van die volgende soort met die struktuur (A = B) ressorteer hieronder:

[3-6a] Die baba se *gehuilery* maak die jong mamma moedeloos.

[3-6b] Die bakvissie se *gegiggelry* is irriterend.

SKEMA 2



Die frekwentatiewe en duratiewe werkwoorde met hul semanties morfologiese variante asook hul kontaminasievorme word vervolgens bespreek.

Die frekwentatiewe werkwoorde is diachronies morfologies ontleedbaar, maar sinchronies

⁶ In die geval van naamwoorde soos *sand* met die semantiese kenmerk [-telbaar] word die meervoudsmorfeem ná die gewone diminutief vereis; in die geval van die herhaling van die diminutiefmorfeem tree die morfeme: [stam + dim.] op as enkelvoudseenheid, terwyl die tweede diminutief hierdie fleksiefunksie (dié van verkleining en meervoudsvorming) oorneem.

⁷ Die onaanvaarbaarheid van 'n vorm soos **karretjietjie* lê in die sillabebeperking wat hier geld (maksimum 3 sillabes) enersyds, en die artikulatoriese gemak waarmee sekere klankklusters uitgespreek word andersyds.

ondeursigtig; die duratiewe werkwoorde daarenteen is sinchronies deursigtig en benodig geen diachroniese ontleding nie.

Wanneer die produktiewe ge-prefiks (wat sowel 'n frekwentatiewe as 'n duratiewe handeling uitdruk) verbind met die produktiewe -ery-suffiks lei dit dikwels tot semantiese herhaling, aangesien hierdie twee morfeme in baie gevalle dieselfde betekenis het.

Combrink (1990: 99) beweer daar is "die emotiewe moment 'afkeer' wat sit in talle -ery-woorde wat van werkwoorde en werkwoordstukke afgelei is, en in ge-3-woorde wat van werkwoorde en werkwoordstukke afgelei is" en verder: "Die affiks -ery gee veral in niekonvensionele afleidings 'afkeuring' te kenne. In niekonvensionele sowel as konvensionele afleidings, soos bellery, hakkelry en skreëry sit daar ook nog die leksikale momente 'herhaling' en 'voortdurendheid'" en verder: "van ge-3 is grotendeels dieselfde waar".

Vanweë 'n verbleking van die betekenis van ge-3 en -ery word hulle afsonderlik nie meer semanties so sterk gevoel deur die sprekers om semanties redundant te wees as hulle saam gebruik word nie. Die twee affikse verleen dus saam wel voldoende versterking aan stamme waaraan hulle gekoppel word om sodoende die frekwentatiewe of duratiewe funksie te vervul.

Dit lyk asof die tradisionele benaming 'tangmorfeem' amper ook hierdie morfologiese konstruksie ge- -ery sou kon pas; in die geval van die ware tangmorfeem-konstruksie ge- -te is byvoorbeeld gedermte 'n versamelnaam, terwyl byvoorbeeld gedaante morfologies ondeursigtig is. Combrink (1990: 29) verwerp hierdie tradisionele benaming en praat van **alkantvoegsels (ambifikse)**. In teenstelling met die ge-.....-te- konstruksie is die ge- -ery-konstruksie 'n willekeurige en progressiewe opstapeling van affikse totdat die SH-vlak bereik word. Hierdie SH-affikse kan egter weer regressief verminder tot die verlies van die kontaminasievorm. Die voorbeelde van hierdie SH-kategorie is in die volgende gevalle telkens 'n kontaminasievorm van die prefiks + stam + suffiks:

[3-6c]

s.nw.	s.nw.	(A	=	B)
<i>gebel</i>	<i>bellery</i>	<i>ge</i>	<i>bel(l)</i>	<i>ery</i>
<i>gehakkel</i>	<i>hakkelry</i>	<i>ge</i>	<i>hakkel</i>	<i>ry</i>
<i>geskree</i>	<i>skreëry</i>	<i>ge</i>	<i>skre</i>	<i>ery</i>

Hierdie en die soortgelyke SH-frekwentatiewe toon semantiese identiekheid, hoewel nie vormlike identiekheid nie.

'n Frekwentatief is 'n werkwoord wat herhaling van 'n handeling of voortdurendheid van 'n werking aandui, byvoorbeeld hakkel wat verband hou met haak, en huppel wat verband hou met hup (vergelyk. Afr. hup en hupstootjie).

Vergelyk die volgende diachroniese uiteensetting:

[3-6d]

	ww.	frekwentatiesuff.	+	infinitiesuff.	
Mnl.	<i>huppen</i>	<i>huppel</i>	+	<i>en</i>	>
Afr.		<i>huppel</i>	+	<i>0</i>	

waar huppelen die Ndl. frekwentatief is van huppen, terwyl die -el-suffiks die herhaling van die werking aantoon soos benoem deur die stam. In Afrikaans kom huppel (sonder die -en) as frekwentatief voor.

Die volgende is ook frekwentatiewe: babbel, kabbel, brabbel, krabbel, kibbel, dribbel, stribbel, kriewel, snuffel, biggel, giggel, kekkel, wikkel, brokkel, rinkel, wriemel, wemel, skommel, mompel, stompel, sypel, warrel, borrel, drentel, wentel, dartel, spartel, rittel, pruttel en prewel.


Dit is interessant dat daar twee groepe onderskei word uit bogaande voorbeelde, naamlik:

(a) daardie leksikale items wat totaal ondeursigtig is, byvoorbeeld babbel (*bab), kibbel (*kib), asook kabbel, brabbel, stribbel, kriewel, biggel, giggel, kekkel, wikkel, wriemel, wemel, skommel, mompel, spartel en prewel.

(b) daardie leksikale items wat nie totaal ondeursigtig is nie, byvoorbeeld snuffel (snuf), brokkel (brok) en pruttel (prut).

Op grond van hierdie morfologiese ontleedbaarheid al dan nie, geld die volgende:

SKEMA 3



Die duratief is 'n werkwoord wat voortdurende handeling aandui. Anders as wat die geval is met frekwentatiewe, is die duratiewe sinchronies ontleedbaar. Die volgende gebeur:

[3-6e]

ww.	stam + dur.suffiks	kontaminasie
<i>loop</i>	$\begin{array}{l} \nearrow \text{lopery} \\ = \\ \searrow \text{geloop} \end{array}$	$\begin{array}{l} (A = B) \\ > \text{ge lop ery} \end{array}$

Dieselfde geld in onder meer die volgende gevalle:

[3-6f]

stamp - stampery - gestamp - gestampery
ry - ryery - gery - geryery
sit - sittery - gesit - gesittery

Die volgende -ery-vorme is 'n paar van die talle wat ook kan kontamineer tot ge--ery: baddery, plaery, knaery, vraery, skindery, leerdery, sweerdery, loerdery, laggery en stokery.

Teenoor bogaande is onder andere boerdery:

[3-6g]

'n <i>Boerdery</i> is 'n wetenskap.	} betekenis verskil van dié van <u>boerdery</u>
<i>Boer</i> is 'n wetenskap.	
'n <i>Geboer</i> is 'n wetenskap.	
'n <i>Geboerdery</i> is 'n wetenskap.	

(waar boer < "om te boer")

Dieselfde betekeniswysigings vind plaas in gevalle soos wassery en visserij. Combrink (1990: 99) beweer hieroor die volgende: "In 'plekname' met -ery, soos bakkery, droogskoonmakery, melkery en slagtery sit nie een van hierdie emotiewe of leksikale betekenismomente nie."

Leenwoorde soos galery en raffinadery toon slegs 'n klanklike ooreenkoms met bogaande voorbeelde en kan nie morfologies op dieselfde manier ontleed word nie.

3.2.3 BESPREEKING VAN (4), (5) EN (6)

Semantiese herhaling van die struktuur (A = B) ressorteer hieronder:

[3-7a] Die prys van *eiers* styg voortdurend.[3-7b] *Kinders* speel graag.[3-7c] Sommige *vrouens* is *vroue* van formaat.[3-7d] Boeta, daar kom die *boewens*![3-7e] Daar is twee *byeenkomstes* gereël.

Die voorbeelde is almal woorde van Germaanse herkoms (wat in hierdie opsig verskil van

dié onder kategorie (7)).

Bespreking van (4)


Daar is 'n hele aantal gebruikswoorde wat diachronies op -er as meervoudsuffiks 1 geëindig het. In die geval van eiers, kinders en vrouens is daar diachroniese reste aanwesig, naamlik die -er- en -en onderskeidelik as meervoudsmorfeme.

Hierdie -er en -en het met verloop van tyd semanties geslyt geraak in Afrikaans; die suffiks raak onfunksioneel as meervoudsmorfem en gevolglik word die meervoudsuffiks 2 bygevoeg. Hierdie suffiks 2 dien as meervoudsubstituut vir suffiks 1 en dra nou semanties gewig as meervoudsmorfem. Synchronies bestaan daar 'n behoefte aan 'n 'bekende' meervoudsmorfem, en dit lei tot die SH-toevoeging van die -s-morfem.

Die s.nw.-voorbeelde bestaan uit:

kern (stam + diachr. suffiks) + meervoudsbepaler (sinchr. meervoud op -s)

SKEMA 4



In Le Roux (1967: 100) word 'n aantal onsydige, eenlettergrepige s.nwe. gegee waar daar drie meervoudsvorme was, naamlik:

[3-8a]

-er

-er + e > ere

(e)r + e > (e)re (e is gesinkopeer)

Le Roux (ibid.) stel dit verder:

"In later Mnl. word aan hierdie meervoudsvorme nog verder toegevoeg die meervoudsuitgang op -s en veral dié op -en: kinders, kinderen. Hier het ons dan die sgn. 'stapelvorm'. Vgl. Afr. meervoude soos klippers, maters."

Volgens Le Roux (ibid.) is

" die -er oorspronklik 'n deel van die stam,
geen meervoudsuitgang nie.

Verkleinwoorde van hierdie s.nwe. vorm hul meervoud van die
vorm op -er: ekv. kindekijn, mv. kinderkine (vgl. Nnl. kindjie,
Afr. kindjie, maar mv. kindertjies, kindertjies)."

Hierdie s.nwe. kan soos volg ontleed word:

[3-8b]

Nederlands				Afrikaans	
sinchronies		diachronies		sinchronies	
enkelvoud		meervoud		meervoud	uitdrukking
<i>been</i>	<i>beender</i>	<i>benere</i>	<i>beenre</i>	<i>been + der + e</i>	
<i>bert</i>					<i>te berde bring</i>
<i>blat</i>	<i>blader</i>	<i>bladere</i>	<i>bladre</i>	<i>geblad + er + te</i>	
<i>ei</i>	<i>eier</i>	<i>eidere</i>	<i>eire</i>	<i>eier + s</i>	<i>vir 'n appel en</i> <i>'n ei (ver)koop</i> ⁸
<i>hoen</i>	<i>hoender</i>	<i>hoendere</i>	<i>hoenre</i>	<i>hoender + s</i>	
<i>calf</i>	<i>claver</i>	<i>calvere</i>	<i>calvre</i>	<i>kal(w) + er + s</i>	
<i>kind</i>	<i>kinder</i>	<i>kindere</i>	<i>kindre</i>	<i>kind + er + s</i>	
<i>cleet</i>	<i>cleder</i>	<i>cledere</i>	<i>cledre</i>	<i>kle(d) + -re</i> (wegval van d)	
<i>lam</i>	<i>lammer</i>	<i>lammere</i>	<i>lammre</i>	<i>lamm + er + s</i>	
<i>loof</i>	<i>lover</i>	<i>lovere</i>	<i>lovre</i>	<i>loof</i> <i>lower</i> (versamelnaam)	
<i>rint</i>	<i>rinder</i>	<i>rindere</i>	<i>rindre</i>	<i>runderpes</i>	
<i>spaen</i>	<i>spaener</i>	<i>spaenere</i>	<i>spaenre</i>	<i>spaan + der + s</i>	<i>laat spaander</i>

In die geval van been - beendere, hoen - hoender en spaan - spaander is daar 'n d-invoeging moontlik.

In die geval van eier, hoender en spaander is die -er deel van die enkelvoudstam waaraan -s toegevoeg word as Afrikaanse meervoudsuffiks. Daarteenoor toon kalf, kind en lam nie die -er as deel van 'n enkelvoudstam nie; die -er vorm wel deel van die meervoudstam waarna 'n -s as meervoudsuffiks gebruik word.

Vergelyk die vorme in die volgende sinchroniese uiteensetting waarin ook die diachroniese

⁸ Vergelyk Webb, 1978

proses voorgestel word:

[3-8c]

Afrikaans				
enkelvoud			meervoud	
stam	0-suffiks 1		stam	0-suffiks 1 mv.-suffiks 2
<i>[ei</i>	+ <i>er]</i>	+		<i>s</i>
<i>[hoen</i>	+ <i>(d)er]</i>	+		<i>s</i>
<i>[spaan</i>	+ <i>(d)er]</i>	+		<i>s</i>
<i>kalf</i>			<i>[kalf > w</i>	+ <i>er]</i> + <i>s</i>
<i>kind</i>			<i>[kind</i>	+ <i>er]</i> + <i>s</i>
<i>lam</i>			<i>[lam(m)</i>	+ <i>er]</i> + <i>s</i>

Samevattend

Sinchronies gesien, is die -er in die geval van onder meer eier, hoender en spaander deel van die enkelvoudsvorm; hierteenoor vorm onder meer kalf, kind en lam sonder die -er, die enkelvoudsvorm, maar in die meervoudsvorm keer die -er terug om te kombineer met die sinchroniese meervouds-s:

kalwer + *s*

kinder + *s*

lammer + *s*

Vergelyk ook die volgende:

*ekv. *juffer* { *kokerjuffer*: "larwe van die watermot"
 juffrou, juffie: "nooi, snipperige meisie" (semantiese verskil)
 juffertjie-in-die-groen: "tuinblom; drankie"

mv. *juffers*

In die volgende gevalle werk analogie oppervlakkig:

* *uier* - *uiers*

teenoor

* *ui* - *uie* met *uies* as spreektaalvorm

(waar twee meervoudsmorfeme voorkom, naamlik [*ui* + *e*] + *s*)

Die patroon wat gevolg word ten opsigte van diminutiefvorming is nie reëlmatig nie; vergelyk:

[3-8d]

Afrikaans				
lekseem	stam	0-suffiks	dim.-suf.	mv.-suff.
<i>eier</i>	<i>eier</i>		<i>tjie</i>	<i>s</i>
<i>hoender</i>	<i>hoender</i>		<i>tjie</i>	<i>s</i>
<i>spaander</i>	<i>spaander</i>		<i>tjie</i>	<i>s</i>
<i>teenoor</i>				
<i>kalf</i>	<i>kalf</i>		<i>ie</i>	<i>s</i>
	<i>kalw</i>	<i>er</i>	<i>tjie</i>	<i>s</i>
<i>kind</i>	<i>kind</i>		<i>jie</i>	
	<i>kind</i>	<i>er</i>	<i>tjie</i>	<i>s</i>
<i>lam</i>	<i>lam(m)</i>	<i>e</i>	<i>tjie</i>	<i>s</i>
	<i>lam(m)</i>	<i>er</i>	<i>tjie</i>	<i>s</i>
<i>splint</i>	<i>splint</i>		<i>jie</i>	<i>s</i>
	<i>splint</i>	<i>er</i>	<i>tjie</i>	<i>s</i>
<i>klip</i>	<i>klip(p)</i>		<i>ie</i>	<i>s</i>
	<i>klip(p)</i>	<i>er</i>	<i>tjie</i>	<i>s</i>
<i>maat</i>	<i>maat</i>		<i>jie</i>	<i>s</i>
	<i>mat</i>	<i>er</i>	<i>tjie</i>	<i>s</i>

In die geval van eier, hoender en spaander is die stam en lekseem identieke korrelate waarmee die diminutiefsuffiks -tjie verbind (vergelyk ook juffer en uier).

In die geval van kalf, lam, splint, klip en maat bestaan daar telkens twee diminutief-wisselvorme waar die een diminutief die sinchronies aanvaarbare patroon volg, terwyl die ander diminutief die diachroniese 0-suffiks behou.

In die geval van kind is die sinchroniese proses halfvoltrokke met die enkelvoudsvorm

kind *jie*

teenoor die meervoudsvorm


kind *er* *tjie* *s*

met geen enkelvoudswisselvorme *kindjie* - **kindertjie* nie.

Bespreking van (5)

Daar is lekseme in Afrikaans wat sinchronies sowel 'n meervoudsuffiks 1 as 'n meervoudsuffiks 2 toon. Meervoudsuffiks 1 is die 'eenvoudiger' meervoudsvorm waarna meervoudsuffiks 2 as 'saamgestelde' meervoudsuffiks gebruik word. Die meervoudsuffiks 2 bestaan uit 'n diachroniese element, naamlik -en waaraan die -s-meervoudsuffiks toegevoeg word.

SKEMA 5



Die volgende paradigma verteenwoordig ten eerste s.nwe. wat in die enkelvoud op 'n konsonant of diftong eindig en wat twee erkende meervoudsvorme het, naamlik -e en -ens; vergelyk:

[3-9a]

enkelvoud	meervoud				
	erkende mv. 1		erkende mv. 2		semanties- identieke pare
				suf. 1 suf. 2	
<i>vrou</i>	<i>vrou</i>	+ <i>e</i>	<i>vrou</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
<i>bad</i>	<i>bad(d)</i>	+ <i>e</i>	<i>bad(d)</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
<i>bed</i>	<i>bed(d)</i>	+ <i>e</i>	<i>bed(d)</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
<i>vod</i>	<i>vod(d)</i>	+ <i>e</i>	<i>vod(d)</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
<i>mud</i>	<i>mud(d)</i>	+ <i>e</i>	<i>mud(d)</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
<i>mied</i>	<i>mied</i>	+ <i>e</i>	<i>mied</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
<i>rug</i>	<i>rug(g)</i>	+ <i>e</i>	<i>ru</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
			<i>rug(g)</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
<i>vark</i>	<i>vark</i>	+ <i>e</i>	<i>vark</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
<i>gevoel</i>	<i>gevoel</i>	+ <i>e</i>	<i>gevoel</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
<i>vul</i>	<i>vul(l)</i>	+ <i>e</i>	<i>vul(l)</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
<i>ruit</i>	<i>ruit</i>	+ <i>e</i>	<i>ruit</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	x
<i>hart</i>	<i>hart</i>	+ <i>e</i>	<i>hart</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	x
<i>juffrou</i>	<i>juffrou</i>	+ <i>e</i>	<i>juffrou</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
<i>brug</i>	<i>brug(g)</i>	+ <i>e</i>	<i>bru(g)</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
	<i>bru</i>	+ <i>e</i>			
<i>0-ekv.</i>	<i>toebehor</i>	+ <i>e</i>	<i>toebehor</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓
<i>0-ekv.</i>	<i>hoofbrek</i>	+ <i>ing s</i>	<i>hoofbrek</i>	+ <i>en</i> + <i>s</i>	↓

In die geval van ruit en hart onderskeidelik, is die eerste meervoudsvorm, naamlik ruite en harte die 'algemene' meervoud; hierteenoor het die ouer meervoudsvorms ruitens en hartens 'n verengde betekenis en verwys na spesifieke kaarte in kaartspel. Vergelyk die lekseem pasoppens in die uitdrukking:

in jou *pasoppens* wees

waar dit as analogievorm ook die [-en + s] as meervoudsmorfeme het.

Na analogie van voorgaande is 'n groep woorde opgeteken wat 'n selfstandige paradigma vorm. Hierdie voorbeelde is opgeteken uit kinderspreektaal, maar in 'n enkele geval ook uit die skryftaal. Die paradigma voldoen aan voorgaande kategorie se vereiste vir twee meervoude, naamlik een op -e soos wat die konvensie vereis, en die ander op [-en + s] soos wat die aangetekende kindertaalbehoefte (5- tot 11-jariges) betref. Die analogiesuffiks word gebruik en daardeur word voldoen aan die tweede meervoudsvorm van die voorgaande paradigma. Al die pare is semanties identiek.

[3-9b]

Enkelvoud	Meervoud	
	erkende mv. 1	analogiemv. 2
	erkende suf. 1	analogiesuf. 2
<i>hoed</i>	<i>hoed</i> + <i>e</i>	<i>hoed</i> + <i>en</i> + <i>s</i>
<i>dief</i>	<i>diew</i> + <i>e</i>	<i>diew</i> + <i>en</i> + <i>s</i>
<i>boef</i>	<i>boew</i> + <i>e</i>	<i>boew</i> + <i>en</i> + <i>s</i>
<i>robot</i>	<i>robot(t)</i> + <i>e</i>	<i>robod(d)</i> + <i>en</i> + <i>s</i>
	<i>robot</i> + <i>s</i>	
<i>gebed</i>	<i>gebed</i> + <i>e</i>	<i>gebed(d)</i> + <i>en</i> + <i>s</i>
<i>vliegtuig</i>	<i>vliegtui</i> + <i>e</i>	<i>vliegtui</i> + <i>en</i> + <i>s</i>
<i>blad/blaai</i>	<i>blaai</i> + <i>e</i>	<i>blad(d)</i> + <i>en</i> + <i>s</i>

Die driejarige gebruik die volgende vorme terwyl hy en sy ouboet speel:

[3-9c]

"Toe het jy na die *boewens* toe gegaan, Boetie."

"Daar ry die een *boef*, Boetie."

"Daar is die ander *boewen*, Boetie." (bedoelende 'een boef')

Dit is dieselfde kindjie wat praat van nar, mug en stroot. Hy gebruik sowel boef as boewen vir die enkelvoud, terwyl die vorm boewens met die SH-meervoudsuffiks [en + s] vir hom slegs die (reeds vasgelegde asook) konvensionele -s-meervoud is: boef, boewen - boewens.

Die aanwesigheid van SH-elemente en -konstruksies is 'n baie algemene kenmerk van kindertaal (vergelyk hoofstuk 1 en 5 vir 'n verwysing na kindertaal en -literatuur). Herhaling en analogie speel 'n baie belangrike rol tydens die taalverwerwingsproses.

Die volgende paradigma verteenwoordig ten eerste s.nwe. wat in die enkelvoud op 'n -e eindig en wat in enkele gevalle twee erkende meervoudsvorme het, naamlik op -s en -ns. Al die pare is semanties identiek.

[3-9d]

Enkelvoud	Meervoud	
	erkende mv. 1	erkende mv. 2
	erkende suf. 1	erkende suf. 2
<i>lewe</i>	<i>lewe</i> + <i>s</i>	<i>lewe</i> + <i>n</i> + <i>s</i>
<i>hawe</i>	<i>hawe</i> + <i>s</i>	<i>hawe</i> + <i>n</i> + <i>s</i>
<i>meul/meule</i>	<i>meule</i> + <i>s</i>	<i>meule</i> + <i>n</i> + <i>s</i>
<i>voorstewe</i>		<i>voorstewe</i> + <i>n</i> + <i>s</i>
<i>vermoede</i>		<i>vermoede</i> + <i>n</i> + <i>s</i>
<i>verlange</i>		<i>verlange</i> + <i>n</i> + <i>s</i>
<i>vermoë</i>		<i>vermoë</i> + <i>n</i> + <i>s</i>
<i>gewete</i>		<i>gewete</i> + <i>n</i> + <i>s</i>

Na analogie van voorgaande ontstaan daar in die spreektaal 'n paradigma waar die erkende meervoudsuffikse (*lewe*, *lewes*, *lewens*) as voorbeeld gebruik word:


vermoede - *vermoedes*
verlange - *verlanges*
vermoë - *vermoës*
gewete - *gewetes*

Bespreking van (6)

Semantiese herhaling van die volgende soort met die struktuur (A = B) ressorteer hieronder:

- [3-10a] Die *vangstes* was hierdie seisoen heelwat groter.
- [3-10b] Baie *graftes* is onversorg.
- [3-10c] Die goeie vrou het baie *deugdes*.
- [3-10d] Die dames se *eggenotes* is hartlik welkom.

SKEMA 6



Die volgende is 'n uiteensetting van 'n paar voorbeelde:

[3-10e]

Enkelvoud	Meervoud	
	erkende suf. 1	analogiesuf. 2
<i>byeenkoms</i>	<i>byeenkomst</i> + <i>e</i>	<i>byeenkomste</i> + <i>s</i>
<i>vangs</i>	<i>vangst</i> + <i>e</i>	<i>vangste</i> + <i>s</i>
<i>deug</i>	<i>deugd</i> + <i>e</i>	<i>deugde</i> + <i>s</i>

Die voorbeelde kan in die volgende groepe verdeel word:

- (1) S.nwe. met een erkende enkelvoud en een erkende meervoud word een erkende enkelvoud en twee erkende meervoude:

[3-10f]

Enkelvoud	Meervoud	
	erkende mv. 1	meervoud 2
(a) <i>graf</i>	<i>grafte</i>	<i>graftes</i> <i>Stap 1</i> (<i>erken</i>) <i>Stap 2</i>
(b) <i>deug</i>	<i>deugde</i>	<i>deugdes</i> <i>Stap 1</i> (<i>analogie</i>) <i>Stap 2</i>
(c) <i>vangs</i>	<i>vangste</i>	<i>vangstes</i> <i>Stap 1</i> (<i>analogie</i>) <i>Stap 2</i>

(2) S.nwe. met een erkende enkelvoud en een erkende meervoud word s.nwe. met twee erkende enkelvoudsvorme waar die oorspronklike erkende enkelvoud behou word naas die meervoud wat in die enkelvoud gebruik word:

[3-10g]

Erkende enkelvoud	Erkende meervoud
(a) <i>buurt</i> <i>buurt, buurte</i>	<i>buurte</i> <i>Stap 1</i> <i>buurtes</i> <i>Stap 2</i>
(b) <i>skaar</i> <i>skaar, skare</i>	<i>skare</i> <i>Stap 1</i> <i>skares</i> <i>Stap 2</i>
(c) <i>inkome</i> <i>inkome, inkoms, inkomste</i>	<i>inkomste</i> <i>Stap 1</i> <i>inkomstes</i> <i>Stap 2</i>
(d) <i>hiperkorrekte vorm: analogie</i> <i>byeenkoms, byeenkomste</i>	<i>byeenkomste</i> <i>Stap 1</i> <i>byeenkomstes</i> <i>Stap 2</i>

In die geval van eggenotes as meervoud 2 (analogie-meervoud) verseker die spreker dat daar geen betekenisverwarring by die hoorder is nie; indien die eintlike, die korrekte vorm eggenote gebruik, word dit dalk verkeerdelik geïnterpreteer as sinoniem vir vrouens (mv.):

Die dames se *eggenote* (= vrouens!) is hartlik welkom.

Die gebruik van die korrekte vorme van [+vroulik] en [+meervoud] van hierdie en

soortgelyke s.nwe. lei dikwels tot betekenisverwarring juis as gevolg van die vormlike en gevolglik fonetiese ooreenkoms in die paradigma:

eggenoot (ml., ekv.) - *eggenote* (ml., mv.)
eggenote (vr., ekv.) - *eggenotes* (vr., mv.)

Die [+vroulik]-vorme in die volgende en soortgelyke gevalle word ook doelbewus vermy ten einde meerduidigheid te voorkom; die genusneutrale enkelvoudsvorm word gebruik:

[3-10h]

Enkelvoud genusneutraal (vroulik)		Meervoud genusneutraal (ml.,vr.)
<i>student,</i> <i>student</i>	<i>studente</i>	<i>studente</i> > <i>studente</i>
<i>kaptein,</i> <i>kaptein</i>	<i>kapteine</i>	<i>kapteins</i> > <i>kapteins</i>

Die s.nwe. in Afrikaans wat -s as meervoudsmorfeem gebruik, vorm 'n baie groot paradigma. Die vorm kaptein - kapteins is derhalwe 'n veilige keuse binne 'n konvensionele patroon.

Die volgende s.nwe. is aangeteken in die taalgebruik van kinders:

[3-10i]

Die *polisies* werk hard. (5-jarige)

Ek dink toe in my *verbeeldings* dit gaan so wees. (dieselfde kind)

waar verbeeldings 'n analogie-substituut, 'n sinoniem, is vir gedagtes, 'n vorm wat wel as erkende vorm bestaan. Die kontaminasievorm word soos volg verkry: verbeelding + gedagtes = verbeeldings.

Vergelyk die volgende uiteensetting:

Enkelvoud	Meervoud	
<i>0</i> <i>verbeelding</i>	Erkende mv. 1	Nie-erk. analogiemv.
	<i>polisie</i>	<i>polisies</i> <i>verbeeldings</i>

Die versamelnaam, naamlik polisie is vir die kind soos 'n enkelvoud; hierteenoor stel hy sý meervoud, naamlik die vorm met die meervouds-s. Hierdie foutanalogie word versterk deur

die groot -(s)ie-paradigma waarvan die volgende enkele, eenvoudige gebruikswoorde is: biesie, besie, vakansie, skorsie, bessie, rissie, mossie, rusie en wysie.


Hier kry die kind te doen met vreemde en moeilike semantiese kenmerke, naamlik [+versameling] (polisie) en [+abstraktheid] (verbeelding). Die kind moet nou hierdie soort taalmateriaal aanpas by sy reeds verworwe taalkennis en gebruik maak van sy geïnstitutionaliseerde kennis van enkelvoud en meervoud. Albei voorgenoemde semantiese kenmerke word afgebring tot die basiese: meer-as-een-verhouding.

3.2.4 BESPREKING VAN (7)

Semantiese herhaling van die volgende soort met die struktuur (A = B) ressorteer hieronder:

- [3-11a] Daar is 'n hele paar *koopsentras* in ons woongebied.
 [3-11b] Die oormatige gebruik van verskillende soorte *antibiotikas* is gevaarlik.
 [3-11c] Die dosent het vanjaar drie *simposias* bygewoon.

SKEMA 7



Daar is 'n groot korpus leksikale items van Romaanse herkoms wat op sinchroniese vlak afwyk van die diachroniese patroon.⁹ Die taalgebruiker is óf is nie bekend met die

⁹ Vergelyk Coetzee (1987) in verband met morfologiese aspekte van stratumkenmerke in die Afrikaanse leksikon.

semantiese waarde van die 'vreemde' Romaanse suffiks nie óf die kompositum word as 'n geheel beskou. Daar bestaan 'n behoefte aan die plasing van 'n bekende Afrikaans-meervoudsuffiks, en derhalwe kom daar 'n aantal variasies voor in meervoudsvorming. Die nie-erkende analogiesuffiks is egter in al die gevalle die Afrikaanse meervouds-s.

Die volgende is 'n lys met daardie Romaanse leenwoorde asook die vorme met die opgetekende nie-erkende analogiesuffiks:

[3-11d]

Woorde van Romaanse herkoms			
enkelvoud	meervoud		
	erkende mv. 1	erkende mv. 2	nie-erkende analogiesuf.
<i>addendum</i>	<i>addenda</i>		<i>addendas</i>
<i>memorandum</i>	<i>memoranda</i>	<i>memorandums</i>	<i>memorandas</i>
<i>curriculum</i>	<i>curricula</i>	<i>curriculums</i>	
<i>tonikum</i>	<i>tonika</i>	<i>tonikums</i>	<i>tonikas</i>
<i>antibiotikum</i>	<i>antibiotika</i>	<i>antibiotikums</i>	<i>antibiotikas</i>
<i>narkotikum</i>	<i>narkotika</i>	<i>narkotikums</i>	<i>narkotikas</i>
<i>leksikon</i>	<i>leksika</i>	<i>leksikons</i>	
<i>idiotikon</i>	<i>idiotika</i>	<i>idiotikons</i>	
<i>adverbium</i>	<i>adverbiums</i>	<i>adverbia</i>	<i>adverbias</i>
<i>stadium</i>	<i>stadiums</i>	<i>stadia</i>	<i>stadias</i>
<i>medium</i>	<i>mediums</i>	<i>media</i>	<i>medias</i>
<i>kompendum</i>	<i>kompendiums</i>	<i>kompedia</i>	
<i>millenium</i>	<i>milleniums</i>	<i>millenia</i>	<i>millenias</i>
<i>herbarium</i>	<i>herbariums</i>	<i>herbaria</i>	<i>herbarias</i>
<i>honorarium</i>	<i>honorariums</i>	<i>honoraria</i>	<i>honorarias</i>
<i>glossarium</i>	<i>glossariums</i>	<i>glossaria</i>	
<i>planetarium</i>	<i>platerariums</i>	<i>planetaria</i>	
<i>ovarium</i>	<i>ovariums</i>	<i>ovaria</i>	<i>ovarias</i>
<i>kriterium</i>	<i>kriteriums</i>	<i>kriteria</i>	<i>kriterias</i>
<i>sanatorium</i>	<i>sanatoriums</i>	<i>sanatoria</i>	
<i>oratorium</i>	<i>oratoriums</i>	<i>oratoria</i>	<i>oratorias</i>
<i>laboratorium</i>	<i>laboratoriums</i>	<i>laboratoria</i>	<i>laboratorias</i>
<i>gimnasium</i>	<i>gimnasiums</i>	<i>gimnasia</i>	
<i>simposium</i>	<i>simposiums</i>	<i>simposia</i>	<i>simposias</i>
<i>museum</i>	<i>museums</i>	<i>musea</i>	
<i>mausoleum</i>	<i>mausoleums</i>	<i>mausolea</i>	
<i>nomen</i>		<i>nomina</i>	<i>nominas</i>

Die nie-erkende analogiesuffiks *-s* word volgens die Afrikaanse sinchroniese patroon aangewend vir meervoudsvorming in daardie lekseme wat 'n hoë gebruiksfrekwensie in 'n bepaalde kommunikatiewe sfeer het. Die geheelkorpus vorm deel van 'n formele(r) register en hoort tot bepaalde sosiolektiese taalgebruikspatrone.

Daar is lekseme wat elk na 'n bepaalde wetenskap verwys, naamlik dinamika, meganika, fisika, elektronika, statika en grammatika; slegs grammatika het 'n meervoudsvorm. Die lekseme realia, regalia, juvenalia en personalia het weer slegs hierdie een vorm, die meervoudsvorm. Die lekseem intelligentsia is eintlik die meervoudsvorm maar vervul in Afrikaans die funksie van 'n versamelnaam en staan op dieselfde enkelvoudstrap as sogenaamde 'versamelname' (vergelyk byvoorbeeld inspektoraat).

Uit die bespreking van (4), (5) en (6) het reeds geblyk dat daar in alle gevalle voorkeur gegee word aan 'n (uiteindelike) *-s*-meervoud, want waar die meervoudsvorm nie bestaan nie, word so 'n vorm geskep - na analogie van die oorgrote meerderheid voorbeelde in Afrikaans op *-s*.

3.2.5 BESPREKING VAN (8), (9) en (10)


Bespreking van (8)

Semantiese herhaling van die volgende soort met die struktuur (A = B)
ressorteer hieronder:

- [3-12a] Hierdie vleis is *goedkoperder* as daardie.
[3-12b] Dit is *die mees belangrikste* dag in sy lewe.
[3-12c] Staar *vorentoeder*, anders kan ek nie sien nie.

Redundante semantiese herhaling (SHR) vind plaas indien redundante morfologiese elemente van bogenoemde soorte gebruik word.

SKEMA 8



Soos blyk uit die voorbeelde het die vergrotende en oortreffende trap van die adjektief

betrekking. Die konvensionele/normatiewe grammatiese reëlmaat word eers kortliks aangetoon alvorens die SHR-gevalle wat hierdie reëlmaat oorskrei, behandel word.

Die volgende geld ten opsigte van trappe van vergelyking van die adjektief:

[3-12d]

Stellend	Vergrotend	Oortreffend
<i>mooi</i> <i>absurd</i>	<i>mooier</i> <i>absurder</i>	<i>die mooiste</i> <i>die mees absurde</i> <i>die absurdste</i>
<i>vasberade</i>	<i>vasberadener</i> <i>meer vasberade</i>	<i>die vasberadenste</i> <i>die mees vasberade</i>

Volgens die reël word daar in meerlettergrepige adjektiewe wat deurgaans op -e uitgaan, gebruik gemaak van meer en mees. Die volgende lysie bevat die algemeenste adjektiewe wat wel graadvorming met behulp van meer en mees toelaat: bekrompe, belese, benepe, ervare, geleë/ongeleë, geslepe, onbeholpe, onverskrokke, opgetoë, opgewonde, regskape, tevrede, toegeneë, uitgesproke, vasberade, verhewe en verlate. Al hierdie adjektiewe wat op 'n -e uitgaan, vorm hul vergrotende en oortreffende trappe soos volg:

[3-12e]

Stellend	Vergrotend	Oortreffend
<i>belese</i>	<i>belesener</i> <i>meer belese</i>	<i>die belesenste</i> <i>die mees belese</i>

Onder andere die volgende adjektiewe wat ook op 'n -e eindig, maak egter van die trapmorfeme gebruik en nie van meer en mees nie: bedorwe, bedrewe, bewoë en gelate.

Na analogie van hierdie -er/meer en die -ste/die mees vind daar kontaminasie plaas en die volgende konstruksies kom dikwels (deesdae al hoe meer) in spreektaal voor:

[3-12f]

Stellend	Vergrotend	Oortreffend
<i>interessant</i> <i>belangrik</i>	<i>meer interessanter</i> <i>meer belangriker</i>	<i>die mees interessantste</i> <i>die mees belangrikste</i>
<i>goedkoop</i>	<i>meer goedkoper</i> <i>goedkoperder</i>	<i>die mees goedkoopste</i>

Ten opsigte van die gebruik van hierdie spesifieke soort semantiese herhaling bestaan baie sterk teenkanting en afkeur by taalpuriste, want dit word gesien as analogievorme na die Engelse patroon waar more en most baie algemener as is as meer en mees in Afrikaans. Die ander SH-vorme wat ook byna uitsluitlik beperk is tot die spreektaal, kom egter ook algemeen voor hoewel hulle nie (so) in die kolling (of is dit dalk spervuur) staan nie.

'n Ander motivering vir hierdie konstruksie is dat die gebruik van mees + [die - + ste] neerkom op intensivering en dat mees semanties ekwivalent gestel word aan aller- soos in (die) allerinteressantste; dus:

die mees interessantste = *die allerinteressantste*

Daar is ook enkele adjektiewe waarvan die graadtrappe morfologies onverwant is:

[3-12g]

Stellend	Vergrotend	Oortreffend
<i>baie</i> <i>goed</i> <i>graag</i> <i>naby</i> <i>weinig</i>	<i>meer</i> <i>beter</i> <i>liewer</i> <i>nader</i> <i>minder</i>	<i>die meeste</i> <i>die beste</i> <i>die graagste/liefste</i> <i>die naaste</i> <i>die minste</i>

Die volgende konstruksie kom dikwels in spreektaal voor:

Ek sal *graagter* tuis bly as om uit te gaan.

waar daar gebruik gemaak word van die vergrotend-morfeem -(t/d)er in plaas daarvan om die morfologies onverwante vorm te gebruik.

'n Volgende tendens in spreektaal is om sommige rigtingaanduiders (bywoorde) net soos die adjektiewe, trapvorming toe te laat met die normale trapmorfeme:

[3-12h]

Stellend	Vergrotend	Oortreffend
<i>bo</i>	<i>boontoeër</i> <i>boontoeder</i>	<i>die (heel) boonste</i>
<i>onder</i>	<i>ondertoeër</i> <i>ondertoeder</i>	<i>die (heel) onderste</i>
<i>voor</i>	<i>vorentoeër</i> <i>vorentoeder</i>	<i>die (heel) voorste</i>
<i>agter</i>	<i>agtertoeër</i> <i>agtertoeder</i>	<i>die (heel) agterste</i>

Selfs die vorm *soheentoeër* word gebruik; die volgende en soortgelyke gevalle word dikwels gehoor:

Sit *agtertoeër* op jou stoel anders val jy nog af ook!

Die volgende 'korrekte, erkende' vergelykingstrappe kom voor, hoewel die *-er*-morfeem nie gebruik word nie:

bek-af *meer bek-af* *die bek-afste*

Na analogie hiervan word ook die volgende in spreektaal aangetref:


af *affer* *die afste*
op *opper* *die opste*

Bespreking van (9)

Semantiese herhaling van die volgende soort met die struktuur (A = B) ressorteer hieronder:

[3-13a] Die ambulansman se vrou het so *onmagteloos* gevoel toe
hy in die *ongure* weer 'n nooddiens moes gaan lewer.

SKEMA 9



Die gevalle wat aangeteken is en wat hier bespreek word, handel oor die on-prefiks en die semantiese implikasies van die gebruik of afwesigheid hiervan in afleidings.

Die Afrikaanse woorde guur en onguur is op sinchroniese vlak ten opsigte van een semantiese aspek volkome sinonieme; volgens HAT se uiteensetting beslaan onguur 'n groter semantiese veld as guur:

[3-13b]

guur kan net ten opsigte van die weer gebruik word en beteken "onplesierig, skraal, snerpend koud"

onguur word (1) ten opsigte van die weer gebruik en beteken "ru, onplesierig, winderig koud", en verder
 "(2) gemeen, ru
 (3) skrikwekkend, sinister" (HAT)

Volgens diachroniese gegewens blyk dit dat guur 'n positiewe betekenis gehad het en dat dit die antoniem was van onguur (waarvan die on- bevestiging is van die semantiese funksie van 'ontkenning' van dit wat deur die stam genoem word). Daar het dus 'n semantiese verandering plaasgevind ten opsigte van guur: vroeër was dit positief gemerk maar het verander sodat dit nou op sinchroniese vlak negatiwiteit toon, en vanweë hierdie feit gekoppel word aan een betekenisfaset van onguur; die negatiwiteit wat semanties ingebed is in guur is nie so sterk gemerk soos in onguur nie. Die diachroniese betekenis (Mnl.) van onguur is weer baie sterker negatief gemerk as die sinchroniese betekenis van dieselfde woord in Afrikaans. Vergelyk die volgende etimologieë (reeds) uit Middelnederlands:


"*guur* > *gehiere*, *-hier*, *-heer*, *-huer*, *ghier*, bnw.
 Lief, zachtzinnig, vriendelijk; vriendelijk;
 liefelijk, zacht; lief, dierbaar."

"*onguur* > *ongehiere(e)*, *-gehure*, *-gehuur*, *ongier*, *onguer*,

bnw. (1) terugstootend, huiveringwekkend, afgrijselijk, afzichtelijk (2) geweldig in zijne werking; onstuimig, vreeselijk, van het weder (3) geweldig groot, reusachtig; monsterachtig (4) onmenschelijk, barbaarsch, woest, wreed; woest, onherbergzaam, van plaatsen; woest, verwoed, woedend; krankzinnig; woesteling, onmens (5) met den dat., woedend tegen iemand, iemand vijandig; (6) weerzinwekkend; dierlijk, beestachtig; kwaadaardig." (Verdam, 1976: 189)

Die ontkenningsprefiks on- word gebruik om dit wat deur die stam geïmpliseer word, te ontken. In die meeste gevalle, maar nie altyd nie, verander hierdie on- die woordgeheel na 'n negatief. Volgens Combrink (ibid: 98) is die emotiewe moment "sleg" in hierdie en soortgelyke afleidings aanwesig. Vergelyk in hierdie opsig die volgende:

[3-13c]



Die suffiks -loos verwys semanties na 'sonder':

s.nw. + <i>loos</i> > <i>sonder</i> + s.nw.		
<i>vrees</i>	<i>loos</i>	<i>sonder vrees</i>
<i>bloed</i>	<i>loos</i>	<i>sonder bloed</i>
<i>kleur</i>	<i>loos</i>	<i>sonder kleur</i>

'n Hele klomp gevalle is aangeteken waar on + stam + loos optree. Die spreker is óf nie (meer) bewus van die betekenis van -loos nie óf hy beskou on + + loos as versterkend van die ontkenning van dit genoem deur die stam. Daar is 'n hele aantal voorbeelde aangeteken van sodanige vorme. Hierdie soort SH-konstruksie berus in die gevalle op kontaminasie:

[3-13d]

<u>-loos-</u> afleiding	Kontaminasie		SH-morfeme on ... loos/eloos	
<i>eer, eervol</i>	>	<i>oneervol</i>	+	<i>eerloos</i> = <i>oneerloos</i>
<i>genadeloos</i>	>	<i>ongenadig</i>	+	<i>genadeloos</i> = <i>ongenadeloos</i>
<i>taktloos</i>	>	<i>ontakvol</i>	+	<i>taktloos</i> = <i>ontaktloos</i>
<i>skuldeloos</i>	>	<i>onskuld</i>	+	<i>skuldeloos</i> = <i>onskuldeloos</i>
<i>eindeloos</i>	>	<i>oneindig</i>	+	<i>eindeloos</i> = <i>oneindeloos</i>
<i>ordeloos</i>	>	<i>onordelik</i>	+	<i>ordeloos</i> = <i>onordeloos</i>
<i>magteloo</i>	>	<i>onmagtig</i>	+	<i>magteloo</i> = <i>onmagteloo</i>
<i>gevoelloos</i>	>	<i>ongevoelig</i>	+	<i>gevoelloos</i> = <i>ongevoelloos</i>
<i>willoos</i>	>	<i>ongewillig</i>	+	<i>willoos</i> = <i>onwilloos</i>

Wat in der waarheid in hierdie kontaminasie-konstruksie geïmpliseer word, is die volgende:

die ontkenning van die ontkenning van dit wat genoem
word deur die stam >/=

erkenning/bevestiging van dit wat genoem word deur stam
dit wil sê

onordeloos = *nie ordeloos nie* = *met orde, georden*

Suiwer semanties gesproke erken die spreker in werklikheid juis dít wat hy wou ontken. Maar dit is nie hoe die spreker hierdie SH-konstruksie ervaar nie. In die kontaminasie word on....loos saam gebruik en die twee morfeme wat onderskeidelik op ontkenning (on-) en verlies (-loos) dui, word as 'n eenheidsmorfeem van ontkenning ervaar. Vir die spreker is hierdie konstruksie dus nie redundante affiksherhaling nie.

Bespreking van (10)

Semantiese herhaling van die volgende soort ressorteer hieronder:


[3-14a] Gebruik alkohol *matiglik*.

[3-14b] Dit is ook om die *volmaaktheid* en *pragtigheid*
van herfs te vier.

[3-14c] Die *monteer/montering* van die onderdele verg konsentrasie.

Suffiksanalogie kom dikwels voor in Afrikaans. Die kategorieë wat vervolgens bespreek word, is nie die enigste voorbeelde van identieksuffiks-stapeling wat voorkom nie, maar dit verteenwoordig 'huidiglik' (!) die grootste sodanige kategorieë.

SKEMA 10



Bespreking van -ig en -iglik

Die -ig-suffiks kom by 'n baie groot aantal adjektiewe voor; die frekwente hoor en gebruik van hierdie suffiks veroorsaak bekendheid by die luisteraar cum spreker.


Daar word twee kategorieë onderskei:

(a) daardie adjektiewe wat sinchronies ondeursigtig is en wat nie semanties morfologies ontleed kan word nie (maar wat wel diachronies ontleedbaar is), byvoorbeeld innig en naarstig;

(b) daardie adjektiewe wat sinchronies deursigtig is en wat semanties morfologies ontleed kan word in stam + ig, byvoorbeeld vurig en wettig.

Vergelyk die uiteensetting:

[3-14d]



Analogie speel 'n belangrike rol in die toename van voorbeelde wat volgens hierdie -ig + -lik-patroon gevorm word. Met hierdie getalsterk paradigma as analogievoorbeeld gebeur dit dat daar 'n baie groot hoeveelheid voorbeelde op die -lik-suffiks (as eindsuffiks) gevorm word. Daar vind skynbaar semantiese herhaling plaas wanneer hierdie bogenoemde vorme morfologies uitgebrei word deur die toevoeging van 'n -lik-suffiks¹⁰; hierdie -lik-toevoeging verander nie aan die geheelbetekenis nie en die vorm wat nou op -lik eindig, is sinoniem aan die vorm wat op -ig eindig (gegee dat albei as bywoorde optree). Die -lik kon dus net sowel weggelaat word sonder betekenisverlies ten opsigte van stam + ig. Daar bestaan semanties morfologies 'n affiniteit tussen -ig en -lik. Woorde wat op -agtig, -rig en -erig eindig, verbind egter nie met -lik nie.

Dieselfde proses van affiksstapelning wat geld in gelopenheid geld die -ig x -ig + lik-gevalle:

[3-14e]

Stap 1	<i>vuur</i> + <i>ig</i>	(deursigtig)
	<i>naarstig</i>	(ondeursigtig)
Stap 2	[<i>vuur</i> + <i>ig</i>] + <i>lik</i>	
	<i>naarstig</i> + <i>lik</i>	

Vergelyk die volgende voorbeelde:

¹⁰ Vergelyk die volgende analogievorme op die patroon van uuriglik: 'n geklike spul (x 'n gek(ke) spul), 'n goddelooslike klomp (x 'n goddelose klomp) waar die -lik-morfeem in der waarheid redundant is.

[3-14f]

Erkende sinonieme			
<i>-ig</i>		> en =	<i>-ig + -lik</i>
<i>gewelddaad</i>	<i>ig</i>		<i>gewelddadig</i> <i>lik</i>
<i>selfstand</i>	<i>ig</i>		<i>selfstandig</i> <i>lik</i>
<i>vuur</i>	<i>ig</i>		<i>vurig</i> <i>lik</i>
<i>goedgunst</i>	<i>ig</i>		<i>goedgunstig</i> <i>lik</i>
<i>wett</i>	<i>ig</i>		<i>wettig</i> <i>lik</i>
<i>naarstig</i>			<i>naarstig</i> <i>lik</i>
<i>gretig</i>			<i>gretig</i> <i>lik</i>

(Ten opsigte van die ondeursigtige vorme is daar slegs een vorm.)

Die produktiewe *-ig* verbind met die produktiewe *-lik*. Hierdie gelyktydige optrede lei tot semantiese herhaling, aangesien hierdie twee suffikse onder dieselfde bepalings dieselfde betekenis het. Vanweë 'n verbleking van die betekenis van *-ig* word dit deur die sprekers nie meer semanties so sterk gevoel nie. Daar ontstaan 'n behoefte aan 'n suffiks wat morfologies en fonologies sal (aan)pas by *-ig*; na analogie van die reeds erkende *-ig + -lik*-vorme word *-lik* in baie gevalle spontaan bygetrek.

Afhangend van die manier waarop daar na die morfologiese ontleding gekyk word, word twee verklarings gegee vir die manier waarop hierdie suffiksherhaling ontleed kan word:

(a) Die twee suffikse verleen saam voldoende versterking aan die stamme waaraan hulle gekoppel word. Dit lyk asof daar nie meer sprake is van twee afsonderlike suffikse wat semanties identies is nie, maar eerder van 'n suffikseenheid, naamlik *-iglik* wat 'n bepaalde semantiese funksie vervul. Die semanties morfologiese ondeursigtige woorde kan nie volgens hierdie snit verdeel word nie aangesien *-ig* deel is van die woordgeheel, hoewel die fonologiese ooreenkoms hier baie beduidend is ten opsigte van die *-iglik*-ooreenkoms.

(b) Die afleiding *stam + ig* in die geval van die voorbeelde wat semanties morfologies deursigtig is, stem ooreen met die simpleks-geaardheid van die voorbeelde wat semanties morfologies ondeursigtig is. Die voorbeelde word op 'n bepaalde stadium 'gelyk' wat morfologiese struktuur betref; en ook in voorbeelde wat deursigtig is, 'groeï' die *stam* en *-ig* saam tot 'n morfologies onskeibare geheel en hierdie geheel verbind met *-lik*.

Vergelyk:

[3-14g]

- (i) *selfstand* + *iglik* (deursigtig) ↓
naarst + *iglik* (ondeursigtig) x
- (ii) *selfstandig* + *lik* (deursigtig) ↓ (analogiewerking)
naarstig + *lik* (ondeursigtig) ↓

Daar bestaan volkome sinonimie tussen die lede van sodanige suffikspaar indien hulle albei telkens vanuit 'n bywoordfunksie vergelyk word:

[3-14h]

s.nw.-stamme	+ <i>-ig</i>	> en =	[s.nw.-stamme + <i>ig</i>]	+ <i>-lik</i>
<i>geweld(+daad)</i>	<i>ig</i>		<i>gewelddadig</i>	<i>lik</i>
<i>goed(+gunst)</i>	<i>ig</i>		<i>goedgunstig</i>	<i>lik</i>

Daar bestaan dus volkome sinonimie tussen woord X op *-ig* en woord Y op *-ig* + *-lik* waar

- (a) woord X 'n wyer polisemantiese veld as woord Y beslaan, en
 (b) woord X en woord Y ten opsigte van 'n bepaalde kontekstuele betekenisfaset en woordsoort sinoniem is.


Vergelyk die volgende uiteensetting van die betekenis van *vurig* as b.nw. en bw., en *vuriglik* as bw.:

[3-14i]

vurig: b.nw. en bw.

- "1. gloeiend, brandend
vurige kole op sy hoof ↓
vuriglike kole op sy hoof x
2. soos vuur, vonkelend, skitterend, skerp
vurige oë ↓
vuriglike oë x
3. sterk, hartstogtelik; lewendig, ywerig
 (a) 'n *vurige liefde, toespraak* ↓
 'n *vuriglike liefde, toespraak* x
 (b) *vurig bid, verlang* ↓
vuriglik bid, verlang ↓

DIAGRAM



In die geval van die morfologies semanties ondeursigtige vorme is daar slegs een stap wat volg in die morfologiese opbou, naamlik die toevoeging van -lik. Die afloop van hierdie proses is egter presies net soos dié van die deursigtige vorme:

[3-14j]

adjektief-geheel	> en =	'stam'	+ lik
<i>naarstig</i>	> en =	<i>naarstig</i>	+ <i>lik</i>
<i>onnodig</i>	> en =	<i>onnodig</i>	+ <i>lik</i>
<i>salig</i>	> en =	<i>salig</i>	+ <i>lik</i>
<i>innig</i>	> en =	<i>innig</i>	+ <i>lik</i>
<i>gretig</i>	> en =	<i>gretig</i>	+ <i>lik</i>

(Vergelyk die bespreking van huidig/huidiglik en gedurig/geduriglik onder [3-14l].)

Nie al die woorde vertoon die vermoë tot sodanige suffiksstapeling nie: die woord kundig vorm byvoorbeeld nie die sinoniem kundiglik nie; dieselfde geld onder andere suinig : *suiniglik, moedig : *moediglik, hoofdig : *hoofdiglik en beskadig : *beskadiglik.

As daar egter 'n bepaalde behoefte aan 'n sekere woordvorm ontstaan by die sprekers, val hulle terug op analogie sonder inagneming van (ware) linguistiese argumente wat moontlik aangevoer kan word teen die aanvaarding van so 'n vorm.

Die volgende kan as voorbeeld dien: Die sprekers pas woordekonomie toe deur elementskrapping; die langer sintagmatiese konstruksie word sodanig verkort en daar word nou opgetree binne die paradigma.

[3-14k] *voorradig*

In die publikasie "Dienste en prosedures 1991" (1991: 1) uitgegee deur die Universiteit van Suid-Afrika staan: "Die Universiteit het met vyf boekhandelaars 'n ooreenkoms aangegaan

waarvolgens hulle titels wat deur Unisa voorgeskryf is voorradig sal hê." In plaas daarvan om die konvensionele sinstuk in voorraad te gebruik, word daar na analogie van die getalsterke -ig-paradigma 'n woord met 'n baie lae gebruikersfrekwensie ingevoer wat voldoen aan die morfologiese vereiste van s.nw.-stam + ig (voorraad + ig).

[3-14l] huidiglik

Met behulp van die -lik-suffiks wat 'n baie groot en aktiewe gebruiksveld beset, tree hierdie 'nuutskepping' nou op binne sy nuwe omgewing saam met talle ander sinonieme 'nuwelinge'; fonologiese ooreenkoms lei tot sogenaamde foutiewe aansluiting by die -ig + -lik-paradigma. Op hierdie manier word die sinstuk op die huidige oomblik/stadium verkort tot 'n eenwoord-sinoniem, naamlik huidiglik. Die woord huidig wat fonologies ortografies ook lid is van die groep waarvan die bou sinchronies ondeursigtig is, verskil egter van die ander lede ten opsigte van woordsoort: huidig is 'n bywoord van tyd terwyl die ander lede adjektiewe (met trapvormingsmoontlikhede) is. In hierdie opsig stem huidig ooreen met nog 'n bywoord van tyd, naamlik gedurig waarvan die vorm geduriglik reeds aanvaar word. (Geduriglik is egter nie soos huidiglik, geskep ter wille van woordekonomie nie; huidig word gekoppel aan 'n sintagma, gedurig nie.)

Daar bestaan 'n fonologiese sinonimiteit tussen al bogenoemde gevalle wat semanties morfologies ondeursigtig is en daardie ander gevalle (soos moedig) wat wel duidelik ontleedbaar en dus deursigtig is. Dit maak nie saak tot watter morfologiese groep die woorde behoort nie, aangesien die klanklike ooreenkoms so sterk is dat analogiewerking op fonologiese vlak die semanties morfologiese argument soms oorheers.

Dit is opvallend dat daar in hierdie kategorie 'n baie groot getal semanties morfologies deursigtige woorde is waarvan die stam op 'n -d of -t eindig wat fonologies 'n affiniteit openbaar vir kombinasie met -ig + -lik; in die geval van semanties morfologies ondeursigtige woorde is hierdie fonologiese omgewing ook van belang ten opsigte van 'n hele aantal voorbeelde.

Vergelyk die volgende:

[3-14m]

semanties morfologies deursigtig			
[stam op d/t	+ ig]	+	lik
[gewelddaad	ig]		lik
[eendragt	ig]		lik
[gedienst	ig]		lik
[wet	ig]		lik
huidig			lik
naarstig			lik
gretig			lik
synchroniese simpleks		+	lik
semanties morfologies ondeursigtig			

Bespreking van semantiese variasies op -heid

Daar is 'n groot getal woorde in Afrikaans wat op die substantiveerder -heid uitgaan. Die frekwente hoor en gebruik van hierdie suffiks veroorsaak bekendheid by die luisteraar cum spreker.


Die volgende semanties morfologiese kombinasies kom voor ten opsigte van woorde op -heid waar daar SH-vorme ontstaan binne 'n bepaalde morfologiese paradigma. Sodanige SH-vorme is binne 'n bepaalde semantiese konteks sinonieme, hoewel die mate van betekenisooreenkoms verskil en wissel van volkome sinonimie tot gedeeltelike sinonimie.

Vergelyk:

[3-14n]

Woordsoort	Sinonimie	
	sinoniem 1	sinoniem 2
	adjektiveerder -ig/-erig	substantiveerder -(ig)heid -geid
s.nw. <i>vog</i>	<i>vog</i>	<i>vogtig</i> → <i>vogtigheid</i>
adj. <i>bang</i>	<i>bangheid</i>	<i>0</i> → <i>bangigheid</i>
<i>bang</i>	<i>bangheid</i>	<i>bangigheid</i> → <i>banggeid</i>

In baie gevalle bestaan daar binne 'n bepaalde konteks volkome sinonimie tussen woord X en woord Y byvoorbeeld luiheid en luiigheid, krag en kragtigheid. Hoewel woordpare soos natheid en nattigheid semanties redelik na aan mekaar lê, is hulle gedeeltelik sinoniem aangesien daar 'n bepaalde graadverskil is ten opsigte van die verskillende afleidings wat gevorm word rondom 'n sekere stam morfeem:



(a) Voorbeeld:

SH-paradigma:

[3-14o] *vog* : *vogtigheid*

Semantiese herhaling van die volgende soort met die struktuur (A = B) ressorteer hieronder:


(A = B)

Daar is baie *vog/vogtigheid* in die lug.

(A = B)

Die *krag/kragtigheid* van die ontploffing was geweldig.

SKEMA 11



Op synchroniese vlak is die volgende voorbeelde aangeteken:

[3-14p]

	Synchroniese beskouing	
s.nw.-simpleks	s.nw.-kompleks	
sinoniem 1	erkende sinoniem 2	analogiesinoniem as sinoniem 2
<i>erns</i> <i>geluk/ongeluk</i> <i>krag</i> <i>mag</i> <i>mis</i> <i>prag</i> <i>pret</i> <i>rus</i> <i>vlyt</i> <i>vog</i> <i>voorspoed</i> <i>wrewel</i>	<i>ernstigheid</i> <i>(on)gelukkigheid</i> <i>mistigheid</i> <i>rustigheid</i> <i>vlytigheid</i> <i>vogtigheid</i> <i>voorspoedigheid</i> <i>wreweligheid</i>	 <i>kragtigheid</i> <i>magtigheid</i> <i>pragtigheid</i> <i>prettigheid</i>

In al hierdie gevalle kom die adj.-tussenstap van s.nw.-stam + ig voor, naamlik:

erns, *ernstig*
krag, *kragtig*

(on)geluk, *(on)gelukkig*
mag, *magtig*

<i>mis, mistig</i>	<i>prag, pragtig</i>
<i>pret, prettig</i>	<i>rus, rustig</i>
<i>vlyt, vlytig</i>	<i>vog, vogtig</i>
<i>voorspoed, voorspoedig</i>	<i>wrewel, wrewelig</i>

Dit is hier waar die soortgelyke adjektief-voorbeelde wat diachronies ontleed moet word, aansluiting vind. Op sinchroniese vlak is die betrokke vorme soos nuuskierig en versigtig semanties morfologies ondeursigtig; die sogenaamde -ig-suffiks is skynbaar deel van die simpleks-woordgeheel, want daar bestaan nie stamme soos *nuuskier- en *versig(t)- nie. Waar afleidings soos vogtig en vogtigheid kan terugval op die grondvorm vog, is dit sinchronies nie die geval met byvoorbeeld nuuskierig(heid) nie. Diachronies gebeur die volgende uit Nederlands: nieuws + gierig (van gierig: 'begerig, verlangend, hebsugtig, gulsig' van Mnl. ghier 'begerig').

Die abstrakta erns, geluk/ongeluk, krag, mag, prag, pret, rus, vlyt en wrewel asook hul morfologiese sinoniemvariante op -ig + -heid wat tot hierdie paradigma behoort, se belangrikste semantiese kenmerke is dié van 'emosionele beleving' wat nie fisies waarneembaar, meetbaar of tasbaar is nie.

Die woorde vog en mis is wel fisies waarneembaar en tasbaar, maar is konvensioneel gesproke nie maklik meetbaar nie en verander van voorkoms: op tydstip X is sowel vog as mis waarneembaar, ens., maar op tydstip Y het die vog en mis dalk verdamp of gekondenseer - dus van vorm verander. (Hierteenoor staan hoek, hoekig, hoekigheid en kant, kantig, kantigheid waar hoekigheid en kantigheid eintlik wys op "(vaste voorwerp) met meer as een hoek/kant".)

(b) Voorbeeld:
SH-paradigma:


[3-14q] *bangheid : bangigheid*
bangheid : banggeid

(waar -geid 'n kontaminasievorm is van -ig + -heid)

Semantiese herhaling van die volgende soort ressorteer hieronder:

Die *klamheid/klammigheid* is nie goed vir die staalknippe nie.
Dis sommer *malheid/malligheid* (*malgeid*) om sonder warm klere
in die ysige weer rond te loop!


SKEMA 12



Al die voorbeelde in hierdie paradigma het 'n adjektief as stammorfeem met die SH-suffiksvariasie -heid x -igheid. Anders as die geval met die suffiksveld in (b) waar daar in adjektievoorbrugging is tussen die twee sinoniem-s.nwe., ontbreek 'n adjektiefvorm op -ig alhoewel sinoniem 2 'n saamgetrokke -igheid as suffikseenheid het. In die bespreking van woorde op -ig + -lik dien daardie woorde op -ig as fondament waarna die aanbouing met -lik plaasvind. Maar in die onderhawige gevalle van s.nwe. op -heid vind daar 'n noodgedwonge **inbouing** plaas van die analogie-kragtige -ig-morfeem.

Aangesien die stammorfeme almal adjektiewe is, kan daar nie 'n aanbouing van 'n adj.-stam + adjektiveerder wees nie, aangesien die morfologiereëls sodanige aanbouing verhoed; vergelyk:

[3-14r]



Vergelyk die volgende uiteensetting van voorbeelde:

[3-14s]

Sinchroniese beskouing		
grondvorm adj.-simpleks	afleiding	
	sinoniem 1	sinoniem 2
<i>bang</i>	<i>bangheid</i>	<i>bangigheid</i>
<i>bleek</i>	<i>bleekheid</i>	<i>blekigheid</i>
<i>dik</i>	<i>dikheid</i>	<i>dikkigheid</i>
<i>dof</i>	<i>dofheid</i>	<i>dowwigheid</i>
<i>dom</i>	<i>domheid</i>	<i>dommigheid</i>
<i>dronk</i>	<i>dronkheid</i>	<i>dronkigheid</i>
<i>fraai</i>	<i>fraaiheid</i>	<i>fraaiigheid</i>
<i>gek</i>	<i>gekheid</i>	<i>gekkigheid</i>
<i>glad</i>	<i>gladheid</i>	<i>gladdigheid</i>
<i>gou</i>	<i>gouheid</i>	<i>gouigheid</i>
<i>grof</i>	<i>grofheid</i>	<i>growwigheid</i>
<i>hol</i>	<i>holheid</i>	<i>holligheid</i>
<i>klam</i>	<i>klamheid</i>	<i>klammigheid</i>
<i>kwaai</i>	<i>kwaaiheid</i>	<i>kwaaiigheid</i>
<i>laf</i>	<i>lafheid</i>	<i>lawwigheid</i>
<i>lui</i>	<i>luiheid</i>	<i>luiigheid</i>
<i>mal</i>	<i>malheid</i>	<i>malligheid</i>
<i>mooi</i>	<i>mooiheid</i>	<i>mooiigheid</i>
<i>nat</i>	<i>natheid</i>	<i>nattigheid</i>
<i>nuut</i>	<i>nuutheid</i>	<i>nuwigheid</i>
<i>rooi</i>	<i>rooiheid</i>	<i>rooiigheid</i>
<i>slim</i>	<i>slimheid</i>	<i>slimmigheid</i>
<i>soet</i>	<i>soetheid</i>	<i>soetigheid</i>
<i>suur</i>	<i>suurheid</i>	<i>surigheid</i>
<i>swak</i>	<i>swakheid</i>	<i>swakkigheid</i>
<i>taai</i>	<i>taaiheid</i>	<i>taaiigheid</i>
<i>vaal</i>	<i>vaalheid</i>	<i>valigheid</i>
<i>vet</i>	<i>vetheid</i>	<i>vettigheid</i>
<i>vreemd</i>	<i>vreemheid</i>	<i>vreemdigheid</i>
<i>vuil</i>	<i>vuilheid</i>	<i>vuiligheid</i>
<i>week</i>	<i>weekheid</i>	<i>wekigheid</i>
<i>wrang</i>	<i>wrangheid</i>	<i>wrangigheid</i>

Vanweë fonologiese beperkings bestaan daar slegs een meervoud en wel op -heid ten opsigte van afleidings wat gevorm is van die volgende grondvorme:

*droog, droogheid (*drogigheid) wel drogerigheid*
*groot, grootheid (*grotigheid) wel groterigheid*
*hoog, hoogheid (*hogigheid) wel hogerigheid*
*lelik, lelikheid (*lelikigheid) wel lelikerigheid*

Bespreking van semantiese variasies op -ing

Daar is 'n groot getal woorde in Afrikaans wat op die substantiveerder -ing uitgaan (vergelyk Cluver, 1967). Die frekwente hoor en gebruik van hierdie suffiks veroorsaak bekendheid by die luisteraar cum spreker.


Semantiese herhaling van die volgende soort met die struktuur (A = B) ressorteer hieronder:

[3-14t]

Die *opstel/opstelling* van die lys is 'n groot werk.

Die *monteer/montering* van die stukke verg konsentrasie.

SKEMA 13



Die neiging bestaan in Afrikaans om naas die betrokke werkwoord as grondvorm, ook 'n afleiding te skep met die morfologiese ontleding van ww.-stam + ing; die grondvorm en die afleiding is volkome sinoniem. Daar bestaan derhalwe 'n SH-paradigma met die ww.-grondvorm as eerste keuse, met daarnaas 'n tweede paradigma met 'n sinonieme -ing-afleiding.

Die vermoë van verskillende werkwoord-grondvorme tot kombinasie met -ing bepaal of daar SH-gevalle is waar twee volkome sinonieme vorme semanties ten volle uitruilbaar is.

Die volgende groepe voorbeelde word onderskei:

[3-14u]

Albei vorme kom voor sonder betekenisverskil:

Daar is 'n *opbloei/opbloeiing* in die ekonomie.

Die *naspoor/nasporing* van die belangrike inligting was moontlik.

Die meeste enkelvoudige werkwoorde behoort tot hierdie groep.

[3-14v] Talle enkelvoudige werkwoorde neem nie 'n -ing nie:

Die *sny/*snying* van brood

Die *was/*wassing* van klere

Die *plant/*planting/aanplanting* van mielies

Die *gebruik/*gebruiking/gebruikmaking* van wol

Woorde wat slegs die -ing-vorm neem:

[3-14w] *aandenking* (geen ww. *aandenk* nie)

geleding (geen ww. *geleed* nie)

Daar is wel die volgende twee vorme, maar hulle verskil wat betekenis betref:

[3-14x] *uitspan* (langs die pad)

die dorp se *uitspanning* was vol waens en perde

Die neiging bestaan deesdae wel om by woordskepping voorkeur te gee aan die -ing-vorm soos onder andere in *sweis* x *sweising*, *monteer* x *montering* en *weef* x *wewing*.

In Van der Merwe en Ponelis (1982: 92) word die volgende bepleit: "..... maar afgesien daarvan dat **dit** dikwels nie verkeerd is nie, is dit tog my kontensie dat ons maar suinig moet werk met hierdie -ing-gogga, al is dit dan ook net om stilistiese redes" (**dit**: die gebruik van die -ing).

3.3 SEMANTIESE HERHALING VAN STAMME

3.3.1 BESPREKING VAN (11) en (12)

Semantiese herhaling van die volgende soort met die struktuur (A + B)/
(B + A) ressorteer hieronder:


[3-15a] Die *torteldui*f sien die spinnekop.[3-15b] "Daar is *oogtrane* op Mamma se wang."

Tradisioneel word toutologie beskou as "die verskynsel dat 'n samestelling gevorm word wat bestaan uit twee komponente wat

- (a) tans sinoniem is
 (b) vroeër sinoniem was" (Senekal, 1972: 363).

In die geval van (a) word sowel element 1 as element 2 van die samestelling op die sinchroniese vlak aangetref. In die geval van (b) word element 1 van die samestelling diachronies ontleed, terwyl element 2 op die sinchroniese vlak aangetref word. Hierdie twee elemente waaruit die toutologievorm bestaan, is in baie gevalle volkome sinoniem hoewel daar in enkele gevalle gedeeltelike sinonimie bestaan tussen A en B. Anders as wat die geval is met duplikasievorme, is die twee dele van die toutologie vormlik nie-identiek.

SKEMA 14



Die gevalle wat as toutologie-vorme geklassifiseer word, verskil in hulle graad van leksikalisering; 'n lintwurm is 'n bepaalde soort wurm en lint- is dus die bepaler. Maar in spinnekop is daar semantiese leksikalisering: spin- staan nie meer in 'n bepaler-verhouding tot kop nie. Dieselfde geld ten opsigte van winkelhaak. Daar vind dus 'n heranaliserings plaas: lint- en tortel- word heranaliseer as bepalers, terwyl spinnekop en winkelhaak morfologies ondeursigtig en dus onontleedbaar is.

Bespreking van (11)

In hierdie leksikale items is die eerste van die twee s.nwe. waaruit die samestelling bestaan, etimologies 'n semantiese herhaling van die tweede s.nw. se betekenis; die sprekers is nie meer bewus van die sinonimiese verband wat tussen die twee komponente van die

samestelling bestaan nie. Die betekenis van lid 1 van die samestelling het verbleek/verskuif.

Die volgende kenmerke van die toutologie is van belang:

Die term **toutologie** word in hierdie studie toegesê aan daardie twee bepaalde soorte 'samestellings', naamlik morfologies analiseerbare toutologieë en morfologies nie-analiseerbare toutologieë:

(1) morfologies analiseerbare toutologieë
walvis, tortelduif

- (a) stam 1 diachronies is volkome sinoniem aan stam 2;
- (b) stam 1 funksioneer slegs as diachroniese element en kan nie buite daardie samestelling as 'n selfstandige entiteit optree nie, maar kombineer met stam 2 wat funksioneer op sinchroniese vlak;
- (c) die geheelbetekenis word afgelei van stam 2 as kernelement van die samestelling, en
- (d) hierdie toutologieë bestaan baie lank al in Nederlands (reeds in Middelnederlands)

(2) morfologies nie-analiseerbare toutologieë
spinnekop, winkelhaak

- (a) die twee s.nwe. was op diachroniese vlak sinonieme maar het reeds lank gelede in Nederlands semanties saamgegroeï, in so 'n mate dat hulle tans morfologies ondeursigtig is;
- (b) die betekenis word afgelei van die geheel, en
- (c) daar bestaan nie 'n bepaler-kern-verhouding nie.

Die volgende voorbeelde (hoewel nie die enigste nie) is die bekendste vorme van hierdie twee soorte toutologieë: boepens, doelwit, gembok, lintwurm, rendier, spinnekop, tortelduif, windhond, walvis en winkelhaak.

Die volgende werkwyse word gevolg in die bespreking van hierdie voorbeelde:

- (1) die sinchroniese betekenis word gegee;
- (2) die toutologievorm word diachronies ontleed, en
- (3) die voorbeeld word morfologies ontleed.

[3-16a] *boepens*

WAT: "dik buik, dik maag, veral by armoedige of ook wel dragtige diere"

Boshoff (1967: 172): "boeg-/boekpens/ (eufem.) boeg-/boekmaag -, "dik buik of maag"; soms redikv. boep, dim. boepie; Ndl. boekpens vroeër o.a. = Afr. blaarpens, maar Ndl. dial. het sedert Kil oe/eu/ui in boek/beuk/buik in bet. "maag, pens", sodat boekpens 'n tout. ss. is, terwyl boegpens misk. volkset. in matroset. voorgekom het"

[3-16b] *doelwit, doeleinde, doelpunt*

(a) *doelwit: doel + wit*
doel = wit

WAT: "(fig.) doel, oogmerk"

Etimologie (Frank/Van Wijk: 800): "wit (mikpunt) znw. ook in doel-wit, sedert Kil., is 't gesubstantiveerde o. van het bnw. wit" beteken dieselfde as:

(b) *doeleinde: doel + einde*
doel = einde

WAT: "mv. doeleindes: 1. doel waarna gestreef word - versterkend van doel, waarvoor dit ook die mv. lewer"

Etimologie (Frank/Van Wijk: 121): "uit doel + einde dit laatste in de bet. 'doel', hd. zweck, gevormd in de periode toen ook doel deze bet. kreeg."

[3-16c] *gemsbok: gems + bok*
gems = bok

HAT: "gems: bruiningekleurde wildsbok, *Rupicapra rupicapra*, wat in die bergagtige streke van Suid-Europa en Wes-Asië voorkom: van die vel van die gems word seemsleer gemaak."

HAT: "gemsbok: ligbruin Suid-Afrikaanse wildsbok, *Oryx gazella*."

In 'n jong taal soos Afrikaans, in 'n land met talle voorwerpe in die natuur (plante, diere en geografiese bakens) wat benoem moet word, word daar vanweë die groot behoefte aan naamgewing gebruik gemaak van sake van ooreenkoms uit die stamlandomgewing. Die gebruik van gems- in gemsbok is 'n sprekende bewys daarvan.

Etimologie (Frank/Van Wijk: 186): gems z.nw., sedert Kil., die't Germ. Sax. noemt. Uit hd. gemse v < hod. gamiza v., naast gamz m. De rom. benaming (it. camozza, fr. chamois) kan bezwaarlijk uit 't Germ. komen, aangezien lat. camox 'gems' reeds in 448 op de Alpen waren. Eer is 't ohd. uit 't Rom. ontleend, waarskynliker echter is verwantschap met on. gymbill, gumbull m. 'lam', gymbr 'jonge ooi', noorw. dial. gumsa 'ooi', zw. gumze 'ram'.

[3-16d] *lintwurm: lint + wurm*
lint = wurm

HAT: "plat ingewandswurm met baie litte wat afbreek en nuwe enkelinge word; dit het geen mond nie, maar neem verteerde voedsel uit sy gasheer se dermkanaal in; snoerwurm; *Cestoda*."

Etimologie (Frank/Van Wijk: 391): "lint: 'een oudere vorm is mnl. lint(d) o., ohd. lint,

on. linnr m. 'slang'. De oudste bet. kan evengoed 'slang' als 'lint' geweest zijn. Lintworm znw. Wordt nnl. gevoeld als 'lintvormige worm'; mnl. had lindeworm, lintworm m. de bet. 'draak'. 't Is in de oudere bet. evenals ohd lindwurm (nhd., oorspr. archaïstisch, lindwurm), on. linnormr m. 'id.' een oorspr. tautologische samenst."

[3-16e] *rendier*: *ren* + *dier*
 ren = *dier*

HAT: "soort wildsbok, volop veral in die koue noordelike streke, wat met sy lang, plat hoewe mos onder die sneeu uitgrawe, en waarvan sowel mannetjie as wyfie horings het; fam. *Cervidae*; kariboe."

(HAT fouteer ernstig met 'mannetjie' en 'wyfie'; dit is tog ram en ooi, of bul en koei (indien dit verwys na 'n groot boksoort.))

Etimologie (Frank/Van Wijk: 544): rendier znw. o., nog niet bij Kil. Evenals nhd. renn-tier o., eng. rain-deer uit de. zw. ren = on. threinn, ags. hran m. 'rendier'.

Een dgl. samenst. is walvisch.

[3-16f] *spinnekop*: *spin(ne)* + *kop*
 spin = *kop*

HAT: "gelede dier van die klas *Arachnida*, met agt pote en sonder vlerke"

Etimologie (Frank/Van Wijk: 646): "s.nw., samestelling van twee sinonieme, naamlik spin en kop."

Hierby aansluitend o.a. spinnerak, spinnerakvlies en spinragfyn, met

spin(ne) + *rak/rag* (*Arach(nida)*)
 = *spinnekop* = *Arach(nida)*
 = *spinnekop*

waar spin(ne) dus sinoniem is aan rak/rag.

Frank/Van Wijk (suppl.: 158) wys daarop dat die tweede lid ook die betekenis 'web' behad het; daarom is die samestelling dalk nie geheel toutologies nie.

In die weste van Vlaams-België staan spinnekop bekend as kobbe uit koppe, asook koppespin. Die moontlikheid bestaan ook dat kop beteken: 'eiersakkie van die spinnekop > web. Die oorgang van die benaming van web op spin en omgekeerd, is baie algemeen. (Vgl. Eng. cobweg, Duits die Spinne, die Spinnenwebe/s. Spinn(en)gewebe.)

[3-16g] *torteldui*f: *tortel* + *duif*
 tortel = *duif*

HAT: "blougrys wilde duif met swart bandjies om die nek"

Etimologie (Frank/Van Wijk: 704): Mnl. tortelduve 'tortelduif'. Samenst. van mnl. tortel 'tortelduif' en duif.

[3-16h] *walvis:* *wal + vis*
wal = vis

HAT: "reusagtige seesoogdier van die orde *Cetacea*, met die lyf van 'n vis "

Etimologie (Frank/Van Wijk: 773): "Evenals damhert, rendier een samenst. met een eerste lid, in bet. gelijk aan de heele samenst."

Vergelyk ook die vorme walrus en narwal waar die element wal- soos in walvis, ook voorkom.

[3-16i] *windhond:* *wind + hond*
wind = hond

HAT: "slank geboude jaghond wat baie vinnig hardloop"

Etimologie (Frank/Van Wijk: 797): "wind (hond) gewoonlik wind-hond; in Mnd. beteken wint 'jachthond, hazewind'."

Die semantiese uiteensetting op sinchroniese vlak, naamlik 'n vergelykingskonstruksie, kan ook gemaak word:

'n hond so vinnig soos die wind > 'n hond soos die wind > windhond

[3-16j] *winkelhaak:* *winkel + haak*
hoek = hoek

HAT: "1. werktuig om regte hoeke mee af te merk 2. reghoekige skeur"

Etimologie (Frank/Van Wijk: 798): 'De oude bet. 'hoek' nog in winkel-haak. De bet. 'winkel' is misschien uit 'hoek van het huis, deel van het huis'. Ten opsigte van haak die volgende: 'Een derde auslautrepp in ndl. hoek, mnl. hoec, houc, 'soort paal' (Van Wijk, N.)).

[3-16k] *muilesel:* *muil + esel*
muil = muil = esel
esel = esel = muil

HAT: "muil: kruising tussen 'n perdemerrie en eselhings."

"esel: produk van 'n kruising tussen 'n donkie en 'n perd; (2) donkie"

(Met sulke woordeboekverklarings loop enige bloedlyn skeef!) Sowel muil as esel is op sinchroniese vlak bekend en word as volkome sinonieme erken en gebruik; daarom word óf muil óf esel gebruik in plaas van die toutologie muilesel. Die hiponiem/superordinaat-toets werk ook nie:

'n *muilesel* is 'n soort *esel/donkie/perd* x

Hoewel die samestellings uit semanties identieke items bestaan, is die gebruik daarvan aanvaarbaar; in die meeste gevalle het ons te doen met as B 'n verouderde vorm waarvan die betekenis sodanig vervaag het dat dit nie steur om 'n samestelling te vorm met 'n sinchronies algemene leksikale item nie. Dit is egter nie altyd moontlik om uit die bronne af te lei of daar volkome of gedeeltelike sinonimie tussen die twee SH-elemente bestaan nie. Die struktuur (A = B) kan dus nie sonder twyfel in al die gevalle aangetoon word nie.

Semanties morfologiese geledheid

Daar bestaan grade van geledheid ten opsigte van hierdie soort toutologieë en deur semanties morfologiese analise kan onder andere vasgestel word (1) watter vorme identifiseerbare morfologiese elemente bevat en watter nie, en (2) watter vorme ongeleed, of twee- of drieledig geleed is. Die voorbeelde bied interessante vergelykingsmateriaal: die vermoë tot semanties morfologiese geleding is 'n belangrike aspek ten opsigte waarvan hierdie samestellings in kategorieë verdeel kan word.

In die geval van boepens, gembok, lintwurm, tortelduif, windhond en walvis kan almal semanties morfologies geanaliseer word op die volgende manier (dit lyk asof die vorme doelwit, rendier, spinnekop en winkelhaak ook so ontleed sal kan word, maar dit is nie die geval nie). Vergelyk:

[3-16]

Hiponiem		Semantiese interpretasie	
s.nw. 1 bepaler	s.nw. 2 kern	superordinaat	
<i>boe(k)</i>	<i>pens</i>	'n soort	<i>pens</i>
<i>gems</i>	<i>bok</i>	'n soort	<i>bok</i>
<i>lint</i>	<i>wurm</i>	'n soort	<i>wurm</i>
<i>tortel</i>	<i>duif</i>	'n soort	<i>duif</i>
<i>wind</i>	<i>hond</i>	'n soort	<i>hond</i>
<i>wal</i>	<i>vis</i>	'n soort	<i>vis</i>
* <i>doel</i>	<i>wit</i>	'n soort	<i>wit (doel)</i> x
* <i>ren</i>	<i>dier</i>	'n soort	<i>dier</i> x
* <i>spinne</i>	<i>kop</i>	'n soort	<i>kop</i> x
* <i>winkel</i>	<i>haak</i>	'n soort	<i>haak</i> x

In laasgenoemde vier gevalle ontbreek sowel die bepaler-kern-verhouding as die hiponiem-superordinaat-verhouding. Die bewering dat 'n rendier 'n soort dier is, neem die klaslidmaatskap van ren- te wyd want 'n rendier is 'n soort bok; bok is op sy beurt 'n hiponiem van dier.

In die gevalle waar die twee semantiese verhoudings wel geld, was daar 'n ontwikkeling

vanaf die diachroniese na die sinchroniese vlak waar die erkende, bestaande leksikale items soos wurm, duif, hond, ens. as superordinate optree.

Bespreking van (12)

SH-stamherhalings van die volgende soort met die struktuur $(B = A)/(A = B)/(B + A)$ ressorteer hieronder:

- [3-17a] Hy tel een vir een *brokstuk* op nadat die porseleinbord gebreek het.
- [3-17b] Die studente doen een *taakopdrag* per week.
- [3-17c] Advertensie: *Waterboorgat*. Skakel 00-00-8
- [3-17d] Ek lees graag *spanningsrillers*.

Kindertaal:

- [3-17e] Mamma, die eendjie swem op die *waterdam*.
- [3-17f] Daar is *oogtrane* op jou wange.

Vergelyk hierteenoor:

- [3-17g] Die *agterstert* van die vuurpyl brand!
- [3-17h] Die *agterbak* van die kar is oop.

Teenoor die voorbeelde soos in (11) genoem, staan byvoorbeeld brok + stuk waar albei lede van die samestelling se betekenis op sinchroniese vlak bekend is. Juis hierin lê die verskil tussen die toutologieë waarvoor daar 'n diachroniese verklaring geld, en daardie toutologieë waarvoor daar 'n sinchroniese verklaring geld.

Die samestelling lintwurm pas ewe goed binne óf 'n diachroniese óf 'n sinchroniese omgewing. Op sinchroniese vlak dien die assosiasie van lint as die vorm van die wurm, as motivering om as 'n sinchroniese toutologie geklassifiseer te word.

Teenoor die toutologieë waarvoor daar 'n verklaring is op diachroniese vlak en wat altyd aanvaarbaar is, is daar toutologieë op sinchroniese vlak wat nie altyd aanvaarbaar is nie, want dikwels is die ontstaan daarvan suiwer te wyte aan swak konstruksie en/of kombinasie. In hierdie opsig is daar dus ook grade van chronologiese ontwikkeling tot toutologie, asook grade van sinonimiteit.

Ten opsigte van sinonimie word daar twee soorte sinchroniese toutologieë onderskei:

Volkome sinonimie

Daar bestaan volkome sinonimie tussen stam 1 (as s.nw. 1) en stam 2 (as s.nw. 2) van die volgende toutologieë:

pertinente rigtingwysers soos voor-, agter-, ens.; bak is 'n baie algemene term en kan heelwat semantiese lesings hê. Die kind spesifiseer nou met behulp van agter- en hef op hierdie SH-manier enige onduidelikheid vir hóm as sprekertjie op.

Sodanige sinchroniese toutologieë is eintlik idiolektiese nuutskeppings wat nie noodwendig later opgeneem en geïnstitusioneel gaan raak in die spreektaal soos byvoorbeeld brokstuk (wat ook reeds in die skryftaal erken word) nie.

Toutologiese nuutskeppings gevorm deur volwasse moedertaalsprekers, word dikwels ervaar as produkte van ondeurdagte of swak formulering. Hierteenoor word toutologiese nuutskeppings binne kindertaal met groot verdraagsaamheid (en geamuseerdheid) deur die volwasse spreker bejeën. Kinders maak spontaan gebruik van impliseerbare semantiese inligting - vanweë hul gebrek aan semantiese kennis oor betekenisoorsleueling/ semantiese herhaling binne sodanige konstruksie ¹¹.


3.3.2 BESPRAKING VAN (13)

Semantiese herhaling van die volgende soort met die struktuur (B + A)/(B = A) ressorteer hieronder:

- [3-18a] Die *bulldoghond* was nog besig om die *sailorblousebaadjie*
te skeur toe die *safetypinhaakspeld* aan die baadjie
losgaan en hom op sy neus steek!

¹¹ Vergelyk Kimball, 1973: 61: "Parents generally expect children to speak ungrammatical but understandable English up into their teens, and might be unlikely to correct grammatical mistakes consistently."

SKEMA 15



In die tradisionele grammatika staan hierdie soort samestellings bekend as **bastervorms** waar die eerste naamwoord as s.nw. 1 'n leenwoord is, wat kombineer met 'n Afrikaanse woord as s.nw. 2. Daar word dus in elke geval onderskei tussen taal B (as taal waaruit die ontlening plaasvind) en taal A (Afrikaans as moedertaal/eietaal).

Ponelis (1982: 22) verklaar die volgende oor **basterwoorde**: "Hierdie tradisionele begrip, wat ook onder die naam **hibridiese vorme** bekend is, slaan op meerledige woorde wat uit sogenaamde eiegoed en leengoed opgebou is Die geldigheid van die begrip **bastervorm** veronderstel dat die onderskeid tussen eiegoed en leengoed vir ewig en altyd gehandhaaf bly, iets wat juis nie opgaan nie"

Spesifiek die bastervorms wat hier bespreek word, is volgens tradisionele beskouing voorbeelde van substandaardtaal en gevolglik is die gebruik daarvan onaanvaarbaar. Daar is wel van hierdie meertaalvorme wat meer of minder aanvaarbaar is as ander sodanige samestellings. 'n Samestelling soos safetypinhaakspeld is minder aanvaarbaar as bulldoghond. Die aanvaarbaarheid al dan nie hang saam met die gebruiksfrekwensie van hierdie of daardie woord. So is bulldoghond se gebruiksfrekwensie in spreektaal veel hoër as byvoorbeeld dié van sailorblousebaadjie.

Daar bestaan wel 'n mate van (regverdigbare) gebruiksweerstand teen sulke vorms, veral teen die vorme wat te sterk Anglisisties gekleur is. In ouer Afrikaans-taalkundeliteratuur is sterk te velde getrek teen die opname van sodanige anglisistiese taalmateriaal. Sosio-linguisties word leksikale Anglisismes en ander soortgelyke vorme uit ander tale, almal tans beskou as deel van die korpus leengoed wat as leksikaal semantiese steurings geïdentifiseer kan word (maar waarvan enkele leenwoorde later wel eiewoorde (kan) word).

In die lig hiervan word die benaming meertaalvorm gebruik omdat daar telkens 'n leenwoord + eiewoord-samestelling onderskei word. Die voorbeelde wat onder bespreking kom, is verteenwoordigend van 'n groter groep samestellings met dieselfde semantiese kenmerke.

semantiese kenmerke.

Meertaalvorme: volkome sinonimie

Daar bestaan volkome sinonimie tussen stam 1 as s.nw. 1 (taal B) en stam 2 as s.nw. 2 (taal A) in die volgende gevalle:

[3-18b] *submarine-duikboot*: *submarine* = *duikboot* (kindertaal)
([sub + marine] + [duik + boot])

[3-18c] *safetypinhaakspeld*: *safetypin* = *haakspeld*
([safety + pin] + [haak + speld])

In eersgenoemde geval weet die jong moedertaalsprekertjie nie dat die Engelse submarine en die Afrikaanse duikboot in der waarheid volkome sinonieme is nie. Die woord submarine dui vir hom op 'n soort duikboot; op grond hiervan kan submarine-duikboot ten volle aanpas by die ander groep samestellings (byvoorbeeld bulldoghond) waar die hiponiem-superordinaat-verhouding geld.

Duikboot is op sigself 'n samestelling waar -boot dien as kern en superordinaat; die volgende semantiese woordveld bestaan rondom -boot: patrollie-, olie-, hawe-, krag-, vrag-, vlieg-, vliegdek-, trek-, tenk-, kernduik-, snel, seil-, stoom-, woon-, lyn-, sleep-, veer-, bagger-, ens. Die samestelling duikboot is weer op sy beurt die kern wat verbind met submarine as bepaler om 'n nuwe meertaalvorm-samestelling te vorm.

Ook haakspeld is op sigself 'n samestelling waar -speld dien as kern en superordinaat; die volgende semantiese woordveld bestaan rondom -speld: hoede-, koppie-/kop-, skuif-, krul-, knip-, luier-, das- en bors-.

Die samestelling haakspeld is weer op sy beurt die kern wat verbind met safetypin as bepaler om 'n nuwe meertaalvorm-samestelling te vorm.

Meertaalvorme: gedeeltelike sinonimie

Die volgende meertaalvorme word as bastervorme aangegee, naamlik sailorblousebaadjie en bulldoghond. Hierdie twee SH-vorme kan semanties morfologies soos volg ontleed word:

[3-18d]

Semantiese interpretasie		
hiponiem		superordinaat
stam 1/s.nw. 1	stam 2/s.nw. 2	
<i>sailorblouse</i> <i>bulldog</i>	<i>baadjie</i> <i>hond</i>	
		'n soort baadjie 'n soort hond

Albei samestellings se morfologiese snitte loop byna soos die snitte van die ander vorme, maar verskil ten opsigte van taal A:

Taal B-samestelling + Taal A-simpleks

In die geval van sailorblousebaadjie behoort die taal A-superordinaat eerder bloese in plaas van baadjie te wees; die Engelse blouse en die Afrikaanse bloese is volkome sinoniem; baadjie daarenteen deel hoogstens blouse/bloese se betekenis daarin dat baadjie ook na 'n bokledingstuk verwys.

Die meertaalvorm bulldoghond word op hierdie stadium nie meer in Afrikaans afgekeur nie; die eertydse leenwoord bulldog + hond het ingeburger geraak, hoewel dalk nog nie so algeheel en spontaan soos byvoorbeeld kondensmelk nie. Bulldoghond kan semanties morfologies ontleed word as:

[3-18e] hiponiem + superordinaat

bulldog + *hond*

Hierdie vorm staan op dieselfde semantiese vlak as

[3-18f]

<i>Corgi-hond</i>	}	'n soort hond
<i>worshond</i>		
<i>wolfhond</i>		
<i>(bulldoghond)</i>		

Die samestelling bulldog tree saam met die ander lede op in dieselfde, bogenoemde hond-paradigma. Omdat bulldog optree as semantiese eenheid, word dog en hond nie meer gevoel as semanties identiek nie. Vergelyk ook die volgende woordeboekverklarings:

WAT: "bulhond: 'n stewiggeboude honderas ook genoem boeldok"
"boerboel: oorspronklik 'n groterige, frisgeboude boerhond; tans min of meer 'n bulhondagtige soort"

Die Afrikaanse boel is 'n klank-'variant' vir bul, en vir die Eng. bull (met weglating van dog). Vergelyk ook die volgende etimologiese gegewens:

Boshoff (1967: 172): boel I: "bep. honderas, ook bek. as bulhond (Ndl. en Afr.), vgl. ook boeldok(hond), Eng. bulldog, hou blb. verb. m. Ndl. bal/bol/bul (v. bal I, mntl. het by ben. bul die testicoli 'n rol gespeel, sowel by die hond as by die stier)."

Die volgende twee leksikale items word ook hier bespreek omdat hulle verteenwoordigend is van daardie volle ingeburgerde SH-vorme in Afrikaans.

(a) In die Franse (Romaanse) leenwoord joernaal is joer- die verafrikaanse spelling van Frans jour 'dag'. Hierdie leenwoord is ten volle ingeburger in Afrikaans en pas binne die woordveld met die volgende lede:


Afleiding: *joernalis, joernaliseer, joernalistiek*

Samestelling: *joernaalprogram, -blad, -aand, film-, reis-, skeeps- en dagjoernaal*

Die naam van die bekende radioprogram, Dagjoernaal, bevat twee semanties identieke elemente, naamlik

dag + joer- < jour = dag
dag + dag-

Die leenwoord journal > joernaal is in sy geheel oorgeneem en word as sodanig erken. Die semantiese verhoudings, naamlik bepaler : kern en hiponiem : superordinaat geld ook in hierdie geval:

Hiponiem		Superordinaat
Bepaler	Kern	
<i>film-</i> <i>reis-</i> <i>skeeps-</i> <i>dag-</i>	 <u>joernaal</u>	'n soort joernaal

(b) Die samestelling avokadopeer het 'n wisselvorm, naamlik avokado. Laasgenoemde is 'n leenwoord uit Spaans aguacate < Nahuatl ahuacatl 'testikel' vanweë die vorm van die vrug. Op die oog af lyk dit asof die vorm avokadopeer inpas by vorme met die onderskeid bepaler : kern of hiponiem : superordinaat. Die s.nw. peer is egter nie die superordinaat van avokado nie, want die semantiese uiteensetting berus op 'n vergelyking:

avokado lyk soos 'n peer ↓
**avokado is 'n peer* x

Vergelyk die ander lede van die -peer-paradigma:


<i>peer</i>	: bekende vrug
<i>wurgpeer</i>	: harde, droë soort peer
<i>rooipeer</i>	: vrug met 'n rooierige kleur
<i>basterrooipeer</i>	: vrug verwant aan bogaande
<i>eetpeer</i>	: peer geskik om te eet
<i>murgpeer</i>	: avokadopeer (peer met sagte vlees soos murg)

3.3.3 BESPREKING VAN (14)

SH-stamherhalings van die volgende soort met die struktuur (A = B) ressorteer hieronder:

- [3-19a] Ek doen die werk sommer so *lag-lag*.
 [3-19b] Daar sak *kort-kort* 'n bui reën uit.
 [3-19c] Die ryk boer het *plate-plate* mielielande.
 [3-19d] Die diere het *twee-twee* in die Ark geklim.

SKEMA 16



Reduplikasie (**verdubbeling**, volgens HAT) is die 'tradisionele' benaming van 'n bepaalde taalverskynsel om te verwys na die herhaling van twee vormlik identieke elemente wat direk naas mekaar voorkom. Kimenyi (1986: 154) skryf: "Reduplication is found in all natural languages and happens to be the only one type of sound symbolism".

Interessant genoeg is daar juis in die term **reduplikasie** semantiese **redundansie** aanwesig, want volgens Germaanse patroon is die ontleding van die morfologiese ekwivalent die volgende:

Romaans : **re** + **duplikasie**
 Germaans : *weer* + *verdubbel*

Hierdie morfologiëlogika sou dus moes neerkom op die uiting van **altd meer as die twee elemente** waaruit 'reduplikasievorme' wel bestaan! - en nie twee of meer elemente soos wat

¹² Die term duplikasie vervang reduplikasie in hierdie navorsing waar daar nie spesifiek na die tradisionele beskouing verwys word of aangehaal word nie. Vergelyk weer eens die bespreking van duplikasie onder 3.1.1.

dit werklik is nie.

Duplikasie in Afrikaans het nóg te doen met samestelling nóg met affiksering, maar wel met identieke kopiëring: die linker- en die regterstuk is vormlik identies en het ook presies dieselfde kenmerke (Botha: 1988). Die twee identieke dele van die duplikasievorm tree op as 'n geslote semantiese geheel. Alle sodanige duplikasievorme in Afrikaans ondergaan slegs een en dieselfde semantiese interpretasiereël, naamlik:

Interpreteer $[B2 \times B1]$ as $[B \text{ gekopieër}]$

waar B = betekenis

en gekopieer = kopieer van die semantiese eenheid

Indien 'n duplikasievorm as afhanklike/gebonde entiteit/eenheid optree binne 'n woordgeheel, geld A as kernelement met $([B2=B1])$ in byvoorbeeld pappapnat as duplikasie-elemente en enige ander herhalings van die betrokke elemente word net na links uitgebrei tot byvoorbeeld $([B3=B2=B1])$ soos in pappappapnat. Indien 'n duplikasievorm as onafhanklike entiteit/eenheid in 'n sin voorkom, geld die formule $(A = B)$.

"In Afrikaans is reduplikasie vormlik bloot: **kombinasie met die item self**" (Combrink: 1990: 82). 'n Duplikasievorm kan soos volg beskryf word:

Dit bestaan uit slegs twee vormlik identieke elemente wat direk langs mekaar voorkom met (meestal) 'n koppelteken tussen hierdie twee elemente:

ente-ente $\begin{bmatrix} [X1] - [X2] \\ N \quad N = N \quad N \end{bmatrix}$

voel-voel $\begin{bmatrix} [X1] - [X2] \\ W \quad W = W \quad W \end{bmatrix}$

vaak-vaak $\begin{bmatrix} [X1] - [X2] \\ A \quad A = A \quad A \end{bmatrix}$

Combrink koppel 'reduplikasie' aan woordskepping en skryf die volgende oor laasgenoemde: "..... dis selde dat 'n nuwe woord in Afrikaans nie gemaak word op basis van, of minstens met behulp van, een of meer bestaande morfeme nie" (ibid.: 81). In Afrikaans is sodanige skeppings hoofsaaklik 'n aantal klanknabootsings wat gemaak is na aanleiding van die betrokke saak se geluid. Die volgende klanknabootsings is die resultate van die woordvormingsproses van duplikasie en dit is semanties morfologies van belang omdat die voorbeelde sistematiek vertoon; daar word onderskei:

- (1) Skepping plus kombinasie (ibid.: 82):
hoep-hoep, kêr-kêr, tjer-tjer
hoe-hoe, woef-woef, en tjank-tjank
 (Dik-dik is 'n voorbeeld van gewaande duplikasie aangesien hierdie dierenaam 'n leenwoord is en nie 'n eie

(Afrikaanse) klanknabootsing of duplikasievorm nie.)

- (2) skepping plus kombinasie plus wysiging (ibid. 82):
flip - flap, sig-sag, wir-war, tik-tak
- en skepping plus kombinasie plus kombinasie (ibid. 82):
 voëlsoorte: dirkdirkie, flapflappie, japjappie, klapklappie/
klapklappertjie, tinktinkie
 inseksoorte: doemdoempie, toktokkie

Volgens Van der Merwe (1969: 227) is 'reduplikasie' die volledige of gedeeltelike herhaling van 'n element of elemente, byvoorbeeld loop-loop, sing-sing, ens. en moet onderskei word van **alliterasie** (wat die herhaling is van dieselfde beginklank in opeenvolgende woorde). Ter wille van volledigheid by Van der Merwe se definisie, en om as voorbeelde te dien van "gedeeltelike herhaling van 'n element of elemente" word stamherhalings soos sopsopnat en pikpikswart ook hier gegee (die soort semantiese herhaling word onder (16): **intensiewe adjektiewe** bespreek).

Scholtz (1963) bespreek 'reduplikasie' aan die hand van die volgende sintaktiese kategorieë in Afrikaans, naamlik bywoorde (van graad, tyd, gesteldheid), adjektiewe, selfstandige naamwoorde, telwoorde, werkwoorde en voorbeelde uit kindertaal. Hy motiveer die gebruik van 'reduplikasievorme' soos volg:

"Dit mag wees omdat die konstatering van 'n gebeurtenis of toestand wat normaal is, nie met affek gepaard gaan gaan nie. *Dit is die eienaardige, opvallende, treffende in 'n situasie wat ons gevolg gaande maak en ons die uitdrukkingsvorm daarvan laat verswaar.*" (ibid: 154)
 (my kursivering)

Vergelyk in hierdie geval die volgende: die intensiteit wat geïmpliseer word in die SH-rits as semantiese geheel neem toe met elke byvoeging van 'n identieke element. Hierdie rits van identieke elemente kan uitgebrei word tot drie (triplikasie), maksimum vier (kwadruplikasie) identieke elemente in hierdie rits. Indien hierdie identieke stukke uitgebrei word, hetsy op woord- of sinsvlak, vermeerder die intensiteit. Vergelyk in hierdie opsig die volgende graderingskaal:

[3-19e]

	stellend	vergroterend	oortreffend	toename in intensiteit
Adj.	<i>nat</i>	<i>natter</i>	<i>die natste</i>	<i>die natste nat</i> <i>die natste-natste nat</i> <i>die natste, natste nat</i> <i>die allernatste</i> <i>die aller-allernatste nat</i> <i>papnat, sopnat, waternat,</i> <i>druipnat, ens.</i> <i>papsopnat, pappapnat, ens.</i> <i>papsopwaternat, pappapsopnat,</i> <i>sopsopwaternat, ens.</i>


Semantiese verswaring word in al die gevalle bewerkstellig deur 'n woord se dubbelherhaling/dubbelsegging direk na mekaar, sowel vormlik as semanties identiek. Scholtz gebruik ook die volgende terme in sy bespreking van 'reduplikasie', naamlik: **iteratief** en **duratief**, wat onderskeidelik soos volg gedefinieer word in HAT (1979):

iteratief: "I b.nw. en bw. Wat herhaling uitdruk, aandui; veroorsaak of gekenmerk deur herhaling: Boem-boem is 'n iteratiewe klanknabootsing.
 II s.nw. (iteratiewe)
 1. Herhalingsamestelling: bietjie-bietjie, gou-gou, kort-kort is iteratiewe.
 2. Frekwentatief: hakkel en stotter is iteratiewe (ibid: 484)"

duratief: "I b.nw. Voortdurend: 'n Handeling wat duratief is. Duratiewe werkwoorde.
 II s.nw. (duratiewe). Werkwoord wat 'n voortdurende handeling aandui (ibid: 184)"

Die volgende skematiese uiteensetting soos saamgestel uit gegewens in Scholtz se artikel toon aan dat '**reduplikasie**' beskou kan word as 'n koepelterm, met die **iteratief**, **duratief** en **intensief** as onderskeie semanties sintaktiese 'hiponiem'-funksies:

SKEMA 17



Opmerking

Die vorme hak- en stot- is nie isoleerbare stamme nie; hakkel en stotter kan ook duratief aangewend word deur middel van morfeemtoevoeging (vergelyk 2.2 (3)):

[3-19f]


hakkel, gehakkel, hakkelry, gehakkelry
stotter, gestotter, stottery, gestottery

Vir hierdie studie is die **iteratiewe 'herhalingsamestelling'**, die **duratief** en die **intensief-adjektief** van belang. (Die **duratief** word onder 2.5 (9) en die **intensief** onder 3.4 (16) bespreek.)

Botha (1988) verwerp die beskouing dat 'reduplikasies' samestellings is en motiveer hierdie standpunt soos volg: Daar is vier belangrike aspekte ten opsigte waarvan samestellings en 'reduplikasies' verskil, naamlik:

¹³ Botha (1988) en Sinclair (1991, 1992) beskou iteratiwiteit as die koepelterm en verkies 'reduplikasie' in plaas van herhalingsamestelling.

[3-19i]



[gelyktydigheid]

-end = [x-x]
brullend = *brul-brul*

Die -end-vorme hoort tot die ww.-kategorie en nie tot dié van die bywoord nie; hierdie vorme het ook nie trappe van vergelyking nie en verbind nie met die suffikse -(e)rig of -heid nie. Hieruit blyk dit dat hierdie soort serovorme (1) van die ww.-kenmerke verloor het wat nog behoue gebly het in die -end-vorme en (2) nie nuwe kenmerke het wat eie is aan ander leksikale kategorieë, veral die bywoord, nie.

Dit blyk uit hierdie gegewens dat daar in Afrikaans bepaalde morfeme voorkom wat iteratiewe waarde besit. Hierdie affikse (suffikse) wat semanties gelyk staan aan die duplikasievorm is reeds onder (3) in hierdie hoofstuk bespreek, naamlik die -end en die ge- ... -(e)ry onderskeidelik; vergelyk die volgende:

[3-20c]

	(A = B)	
duplikasie:	<i>spring - spring</i>	
	(A = B)	} woordvlak
iteratief:	<i>ge spring ery</i>	
	(A + B)	
	<i>al spring end</i>	stuk-/woordvlak

Sinclair (1991: 12) poneer in hierdie opsig die volgende konseptualiseringsreël ten opsigte van die iteratief: "(19) Konseptualiseer die kombinasie van betekeniselemente [GEBEURTENIS, PUNKTUEEL, VERSPREI, OOR MEER AS EEN PUNT IN TYD] as [GEBEURTENIS, PUNKTUEEL, VERSPREI OOR MEER AS EEN PUNT IN TYD, ITERATIEF]".

Met hierdie reël as uitgangspunt, verwys Sinclair na die volgende morfologies semantiese kategorieë wat saam met die betrokke werkwoorde iteratief is en wys dus so op die uitbreiding van die analise tot morfologies komplekse vorme:

[3-20d]

Sy loop <i>nies-nies</i> in die huis.	(semantiese herhaling)
Sy het die hele dag <i>genies-nies</i> .	(semantiese herhaling)
Haar <i>niesery</i> is irriterend.	{ kontamineer tot
Haar <i>genies</i> is <i>irriterend</i> .	
Haar <i>geniesery</i> is irriterend.	<i>geniesery</i>
Sy het <i>al niesende</i> rondgeloopt.	(semantiese herhaling)
	(semantiese herhaling)

Die iteratiefmorfeme wat geïsoleer kan word, is dus: ww. + -ery, ge- + ww., ge- + ww. + ery en al + ww. + -end(e). Soos blyk uit hierdie morfeemgerigte iteratiewe is duplikasievorme uiteraard ook deel van die groep iteratiefvoorbeelde.

Die volgende bespreking vind aansluiting by bogaande gevalle van semantiese herhaling: volgens De Villiers (1975: 233 e.v.) is daar 'n foutinskrywing in die WAT, Deel I ten opsigte van die verbinding van kom met aan en 'n skynbare deelwoord, naamlik aangehuppel, aangejaag, aangekerm, aangekruip, aangekuier, aangery, aangesit, aangeslenter, aangeslof, aangespring, aangestrompel, aangevlieg, aangewaai.¹⁴

In hierdie woordeboek (WAT) word die werkwoorde as skeibaar beskou, maar volgens De Villiers hoort aan by kom en nie by die deelwoorde waaraan dit geheg is in die woordeboek nie; vergelyk die uiteensetting:

[3-20e]


aange- + ww. + kom	> Duplikasie	+ aankom
<i>aangespring</i>	> <i>spring-spring</i>	} <i>aankom</i>
<i>aangehuppel</i>	> <i>huppel-huppel</i>	
<i>aangekerm</i>	> <i>kerm-kerm</i>	
<i>aangekruip</i>	> <i>kruip-kruip</i>	
<i>aangekuier</i>	> <i>kuier-kuier</i>	
<i>aangeslof</i>	> <i>slof-slof</i>	
	Duratief (al + ww. + -ende)	+ aankom
<i>aangehardloop</i>	> <i>al hardlopende</i>	} <i>aankom</i>
<i>aangejaag</i>	> <i>al jagende</i>	
<i>aangery</i>	> <i>al ryende</i>	
<i>aangeslenter</i>	> <i>al slenterende</i>	
<i>aangestrompel</i>	> <i>al strompelende</i>	
<i>aangevlieg</i>	> <i>al vliegende</i>	

Telwoord

Semantiese herhaling kom ook voor binne die telwoordparadigma as grammatiese kategorie. Slegs sekere onbepaalde en bepaalde telwoorde word duplikatief gebruik; vergelyk in hierdie verband die volgende:

¹⁴ Vergelyk Finer (1985) in verband met 'reduplication' en werkwoord-morfologie.

[3-20f]



Bepaalde telwoorde tree ook duplikatief op, hoewel die telwoord een, ander en meer semantiese funksies vervul as die res van die telwoorde; vergelyk:

[3-20g]

Die kinders loop *een-een* in die pad.

Die kinders loop *twee-twee/drie-drie* in die pad.

teenoor

Die kinders loop *negentien-negentien* in die pad (?)

Hoe meer die sillabes van so 'n konstruksie, hoe onaanvaarbaarder word so 'n uiting. Sulke lang sillaberitse word eerder herstruktureer tot:

Die kinders loop in *groepe van negentien* in die pad.

In hierdie en soortgelyke konstruksies is die semantiese kenmerk [+telbaarheid] aanwesig in sowel die onbepaalde telwoord [-getal] as die hooftelwoord [+getal].

In die geval van die bepaalde telwoord een blyk die volgende: daar bestaan 'n besliste semantiese verskil tussen een-een en een vir een. Die duplikasievorm een-een ('enkeld') val semanties in dieselfde paradigma as twee-twee met die semantiese kenmerk [+groepering]; in die geval van een-een is daar wel nie groepering van entiteite nie, maar van beweging/optrede of wat ook al deur een entiteit/voorwerp. (Vergelyk hoofstuk 4 vir 'n bespreking van **hendiadis** en **idiomatiese woordpare** as voorbeelde van semantiese herhaling.)

Botha (1988) verwys na die 'tradisionele' semantiese interpretasie van Scholtz (1963) en Kempen (1969) ten opsigte van 'reduplikasie'; Botha onderskei die volgende semantiese kenmerke wat toegesê kan word aan 'reduplikasievorme':

[aansienlike aantal]	[beperkte aantal]
[distribusie]	[serieordening]
[kollektiwiteit]	[groepering]
[interaksie]	[kontinuiteit]
[gelyktydigheid]	[onderbreking]
[wyse]	[intensiteit]
[beklemtoning]	

Kempen (1982: 138) verwys ook na 'reduplikasie' as iteratief: "Die semantiese waarde van die konstruksie is intensiverend of emfaties. Dit kom in enige stylsoort voor, maar tog die minste in strakke stylverband. Ook van Afrikaans is waar wat Bouman van Nederlands gesê het, naamlik dat die iteratiewe adjektief tuis is in enige 'innige styl'".

Vergelyk verder die voorbeeld:

[3-20h] Die dogtertjie speel *huis-huis*

waar die dubbelsegging van die woord *huis* die semantiese waarde van "regtig/waarlik huis" kry, dit wil sê alles wat (positief) van 'n huis(houding) se funksie, ens. veronderstel word.

Die volgende paar baie bekende duplikasievorme (wat redelik verteenwoordigend is van die kategorieë wat duplikasiemoontlikhede toon) word in twee kategorieë verdeel:

- (1) **duplikasievorme waarvan die betekenis van hierdie geslote semantiese geheel steeds in verband gebring kan word met die enkelelement voordat duplikasie plaasgevind het** (die oorgrote hoeveelheid duplikasievorme ressorteer hieronder):

brom-brom, byna-byna, een-een, effens-effens, fynste-fynste, gou-gou, klompies-klompies, kies-kies, kruppel-kruppel, ou-ou, reekse-reekse, skuimbek-skuimbek, skuins-skuins, sleep-sleep, sluip-sluip, stil-stil, stop-stop, troppe-troppe

Die duplikasievorme wat hieronder ressorteer, is in staat om as eksterne geheel ook te dupliseer, soos byvoorbeeld in:

	eksterne dupl.	eksterne dupl.	
	┌──────────┐└──────────┘		
Hy loop	<u>sluip-sluip</u> ,	<u>sluip-sluip</u>	in die donker rond.
	interne dupl.	interne dupl.	

- (2) **duplikasievorme waarvan die betekenis van hierdie geslote semantiese geheel nie meer ten volle in verband gebring kan word met die betekenis van die enkelelement voordat duplikasie plaasgevind het nie** (slegs enkele duplikasievorme ressorteer hieronder):

lag-lag, speel-speel, fluit-fluit, nou-nou en tjop-tjop
(’n slangvorm), *aan-aan, bok-bok, blou-blou*

Die duplikasievorme wat hieronder ressorteer, is nie daartoe in staat om as eksterne geheel te dupliseer en nog die figuurlike/idiomatiese betekenis te behou nie; vergelyk byvoorbeeld:

[3-20i] Hy doen die werk *lag-lag, lag-lag*.

waar die eksterne duplisering eerder op die letterlike interpretasie slaan.

Slegs hierdie herhalings waarvan die twee elemente tot so ’n onskeibare semantiese eenheid ontwikkel het dat ’n ander betekenis nou reeds aan hierdie ’nuwe’ vorm geheg word, word verder ondersoek. Die twee soorte stamherhalings wat dus wel behandel word, is:

1. herhalings wat by uitstek in ’n figuurlike/idiomatiese betekenis gebruik word, en
2. herhalings wat onder andere na speletjies verwys.

Vergelyk die volgende voorbeelde:

[3-20j] Die briljante student doen sy werk *speel-speel* letterlik
fluit-fluit. FIGUURLIK

Hierdie klomp kinders speel heerlik *aan-aan*. — spel

Die duplikasievorm genoem in (2) het met verloop van tyd ’n nuwe betekenisdimensie betree: die vorme het beweeg vanaf ’n letterlike na ’n figuurlike betekenisvlak; vergelyk die volgende:

(a) *lag-lag/speel-speel/fluit-fluit*

Die ernstige student voltooi sy opdragte *lag-lag/speel-speel/fluit-fluit* en behaal baie goeie punte.

- * *lag-lag* letterlik: "al laggende"
figuurlik: "met gemak/maklik"
- * *speel-speel* letterlik: "al spelende"
figuurlik: "met gemak/maklik"
- fluit-fluit* letterlik: "al fluitende"
figuurlik: "met gemak/maklik"

Die figuurlike duplikasievorm speel-speel is semanties gelyk aan die idiomatiese vergelyking:


so maklik soos *kinderspeletjies*

Die duplikasievorm fluit-fluit letterlik geïnterpreteer, word ook gebruik as "n uitroep veral in kinderverhale om die aandag te trek of die einde aan te kondig:

Fluit-fluit, my storie is uit!

[3-20k] *nou-nou*

Pappa kom nie *nou* nie, hy kom *nou-nou*.



Die sogenaamde duplikasievorm nou-nou kan semanties nie ten volle teruggevoer word tot die betekenis van die ongedupliseerde enkelvorm *nou* nie.

[3-20l] *tjop-tjop*

Die slangwoord tjop-tjop ("vinnig, gou-gou") word duplikatief gebruik in informele omgangstaal; dit is geleen uit Engels chop: "om iets vinnig in kort stukkies te sny".

Semanties vertoon hierdie paar vorme die volgende ooreenkoms: die geheelbetekenis van elke duplikasievorm stem ooreen met die betekenis van die enkelelement voor duplikasie, behalwe dat daar byvoorbeeld semantiese klem, ens. bykom:

lag-lag = lag > maklik

In die geval van onder meer die kinderspeletjies aan-aan, bok-bok en blou-blou is daar ander woordvormingsfaktore van belang. Hierdie benaming van die speletjies is eintlik "n **verkorting** van die volledige naam en **nie** "n **verdubbeling** (soos wat van duplikasie verwag word) **nie**. Vergelyk die volgende:

* $\left. \begin{array}{l} \text{raak-my-aan} \\ \text{sit-sit-boffie} \\ \text{boompie(-boompie)-verplant} \end{array} \right\} = \text{aan-aan}$

** $\text{bok-bok-staan-styf} = \text{bok-bok}$

wat soms afgewissel word met die rympies:

Bok-bok staan styf/vas
hoeveel vingers op jou lyf/bas?

en

Bok-bok staan vas
hoeveel vlae aan jou mas?

*** *hasie-amblou, hasie-abloe, hasie-blou, janblou*
met *blou-blou*

as een van die klankvariante op die benaming van die speletjie ablou (ook advokaatspeletjie genoem).

Hierteenoor kom die vorm blou-blou as sogenaamde duplikasievorm voor soos in die uitdrukking: iets blou-blou laat ("dit laat soos dit is, geen beslissing neem nie"). Die vorm kom slegs in hierdie figuurlike betekenis en vorm voor, en word nie sinchronies met die kleuradjektief blou in verband gebring nie. Hierteenoor staan die letterlike gebruik van blou-blou as duplikasievorm ter wille van beklemtoning:

[3-20m] Hy staan daar *blou-blou* van die koue.

In die duplikasievorm boetie-boetie in die idiomatiese uitdrukking:

[3-20n] *boetie-boetie speel* ("dik vriende wees, oorvriendelik wees om voordeel te behaal")

vind letterlik funksionele kontaminasie plaas van die handeling soos in die werkwoord speel geïmpliseer plus die duplikasie van die s.nw. boetie (verkleinwoord van boet < broer [gemeensaamheid], [nabyheid] ter wille van beklemtoning).


3.3.4 BESPREKING VAN (15) EN (16)

Semantiese herhaling van die volgende soort met die struktuur (B + A)/ ([B3 +/- B2 +/- B1 > B] + A) ressorteer hieronder:

[3-21a] Die kos smaak *heerlik-lekker*.

[3-21b] Die kat is *papsopwaternat*.

SKEMA 18



Bespreking van (15)

Kempen (1982) verwys na die determinatiewe verbinding waarin die eerste komponent bywoordelik fungeer. Volgens hom is hierdie tipe verbinding die gewone in spreek- en skryftaal, byvoorbeeld blinkvet, dolbly, ens. Hierdie voorbeelde stem egter ooreen met die voorbeelde wat vervolgens as intensiewe behandel gaan word.

Kempen onderskei 'n onderafdeling van hierdie determinatiewe verbinding waarin die eerste en tweede komponent sinoniem is, byvoorbeeld

[3-22a]


*dankbaar-bly, dom-onnosel, lieflik-mooi, pragtig-mooi
ver-afgeleë, yslik-groot, heerlik-lekker*

Volgens Kempen kom hierdie soort verbinding met kopulatiewe verhouding veral na 1935 voor. Spreektaalvorme soos doofstom en luilekker is meestal Nederlandse erfgoed.

Kempen beweer dat die eerste en tweede komponente sinoniem is. Hierdie twee komponente is nie volkome sinonieme nie, maar wel gedeeltelike sinonieme. Daar is byvoorbeeld ook 'n verskil in die mate van semantiese verwantskap tussen dankbaar en bly in dankbaar-bly, tussen ver en afgeleë in ver-afgeleë (waar 'n mate van sinonimie bestaan tussen dankbaar en bly en ver en afgeleë) en tussen pragtig en mooi in pragtig-mooi, yslik en groot in yslik-groot (waar pragtig en yslik onderskeidelik intensiewe is van mooi en groot).

By nadere beskouing blyk iets interessants in verband met hierdie konstruksies: daar bestaan semantiese herhaling wanneer hierdie soort adjektiewe as adjektief 1 en adjektief 2 saam gebruik word. Op die adjektief-graadskaal tree die een element op as bepaler van die ander, die kernelement, binne hierdie konstruksie. Die bepaler tree op as 'n intensiteitbepaler vir die kern wat optree as 'neutrale' trap. Vergelyk:

[3-22b]



In die voorbeeld yslik-groot is yslik se bywoordfunksie in kombinasie met groot sterk vasgelê, want hierdie konstruksie het 'n hoë gebruiksfrekwensie en is baie algemeen.

In die soort konstruksie o.a. heerlik-lekker, lê die twee sinonieme elemente op verskillende plekke van dieselfde adjektiefskaal: die kernelement van hierdie 'samestelling' word bepaal deur 'n sinonieme element wat hierdie kernelement semanties graadgewys 'oortref'.

Vergelyk die volgende:

[3-22c]



Albei die leksikale elemente van die soort konstruksie lê binne dieselfde woordveld, waar die stellende element 'n sogenaamde superordinaat-rol speel en die bepaler as spesifiseerder optree op 'hiponiem-vlak'.

Die semantiese somtotaal van die onderskeie kombinasies is soos volg:

[3-22d]

<i>pragtig-mooi</i>	=	<i>pragtig</i>
<i>lieflik-mooi</i>	=	<i>lieflik</i>
<i>heerlik-lekker</i>	=	<i>heerlik</i>
<i>dankbaar-bly</i>	=	<i>dankbaar</i>
<i>ver-afgeleë</i>	=	<i>afgeleë</i>
<i>dom-onnosel</i>	=	<i>onnosel</i>

Skrapping van enigeen van die elemente kan plaasvind, maar indien die volle betekenisimpak van die geheel-kombinasie behou wil word, word die stellende element weggelaat en die intensiewe vorm behou:

[3-22e]

<i>pragtig</i>	=	<i>pragtig-mooi</i>
<i>pragtig</i>	=	<i>pragtig</i>
<i>pragtig</i>	=	<i>baie mooi</i>
<i>pragtig</i>	≠	<i>mooi</i>


Hierdie soort semantiese herhaling sluit in 'n groot mate aan by die adj.-intensiewe konstruksie (vergelyk (16)). Die voorbeelde wat in hierdie paradigma voorkom, sluit wat semantiese funksie betref ook ten volle aan by die volgende (hoewel die skryfkonvensie ten opsigte van die twee groepe voorbeelde verskil):

In Liebenberg (1984) word daar 'n groep adjektiewe onderskei wat in hul woordbetekenis reeds 'n intensiteitskomponent bevat, onder andere: aaklig, afsigtelik, afskuwelik, briesend, briljant, grotesk, hewig, kardinaal, kolossaal, mateloos, minimaal, nameloos, uitmuntend, uitstekend, volslae, vreeslik, weergaloos, woedend en yslik.

Interessant genoeg kombineer voorgaande adjektiewe as intensiveerders met hul stellende adjektiewe, onder andere briesend/woedend kwaad en yslik/kolossaal groot - die dominansie word sodoende behou.

As **adjektiefintensiewe** (AI) kombineer hierdie kategorie met hul 'stellende adjektiewe', en beteken 'baie' as graadwoord; hierdie mate van semantiese herhaling verleen weer eens versterking aan die nuwe adjektief:

[3-22f]



Dus: *baie kwaad* $\supset$ *woedend*
woedend $\supset$ *baie kwaad*

Let op na die vermoë van hierdie 'onderbou'-intensiewe om van woordsoort te verander: adj. > bw. Vergelyk verder:

[3-22g] Semantiese herhaling

	bw.		adj.	
	<i>briesend</i>		<i>kwaad</i>	> <i>briesend</i>
	<i>enorm</i>		<i>groot</i>	> <i>enorm</i>
teenoor				
	<i>brandmaer</i>			< <i>maer</i>
	<i>bloedweinig</i>			< <i>weinig</i>

'n Verdere trap op hierdie graderingskaal word bewerkstellig deur die gebruik van

idiomatiese uitdrukkings. Die idiomatiese uitdrukking as 'n SH-komponent verleen versterking aan die uiting. Vergelyk die volgende ontleding op die graderingskaal:

[3-22h]

1. <i>Hy was kwaad</i>	Neutraal
2. <i>Hy was baie kwaad</i>	} Graderingskaal
3. <i>Hy was woedend</i>	
4. <i>Hy was so (baie) kwaad dat hy kon vuur spoeg/ slinge vang/ontploff</i>	
	Intensief + +

Daar bestaan nog meer idiomatiese uitdrukkings wat as keuses kan dien in hierdie intensiteitsmaksimering (vergelyk hoofstuk 4 vir 'n stukvlakontleding).

Bespreking van (16)

In Afrikaans is die aanwending van die intensiefvorm van veral die adjektief 'n gebruikelike en bruikbare wyse waarop daar krag toegevoeg word aan die betekenis van wat dit uitdruk. Semanties word groter intensiteit of versterking daardeur aangedui. Tradisioneel word onder meer **intensiewe werkwoorde** (wik van weeg) (vergelyk hoofstuk 4) en **intensiewe adjektiewe** onderskei. In die onderhawige bespreking word aandag gegee aan aspekte van die adjektiefintensiewe (AI).

Die adjektief is die dominante, belangrikste komponent van die intensiefvorm. Die pre-adjektiefposisie word in die gevalle van 'n samestelling of afleiding deur 'n komponent beklee wat intensiteit toevoeg tot die adjektief:

Lid 1	+	Lid 2
'baie'		adjektief

Soos reeds aangetoon, is gradeerbaarheid 'n belangrike sintakties semantiese kenmerk van adjektiewe. Verskillende adjektiewe bevind hulle op verskillende punte van die graadskaal. Die intensiteitsgraad neem semanties gesproke toe tot die intensiefvorm bereik word. Daar is ook 'n regressiewe graderingsvermoë omdat die adjektiewe kan teruggly tot onder die neutrale punt deur die gebruikmaking van graadwoorde (minder in minder gelukkig en die minste in die minste gelukkig).

In die kategorie van AI-samestellings dien lid 1 van die samestelling om lid 2 te versterk:

[3-23a] *brand* + *arm*

[3-23b] *siel(s)* + *ongelukkig*

[3-23c] *bot* + *toe*

Die betekenis van lid 1 is óf semantiese deursigtig, óf ondeursigtig en derhalwe etimologies

gebonde binne 'n sekere intensiefvorm, byvoorbeeld mors- in morsaf en morsdood, en brand- in brandarm en brandmaer.

Dit is van semanties idiomatiese belang om daarop te let dat die bepaler en kern in hierdie adjektief-intensiewe in die oorgroot meerderheid van die gevalle 'n semantiese eenheid vorm. Die bepaler en kern kan nie willekeurig met 'n ander bepaler of kern kombineer nie; vergelyk

[3-23d]

- * *brandongelukkig*
- * *botarm*
- * *sielstoe*

(In 'n vorm soos brandarm is slegs daardie kombinasie moontlik; ten opsigte van nat is daar 'n keuse, byvoorbeeld waternat, sopnat, ens.)

Daar word aanvaar dat 'n AI nie trappe van vergelyking kan toon nie, omdat hierdie vorm reeds verby/bokant die oortreffende trap lê. Hoewel trappe van vergelyking in hierdie geval skynbaar nie opgaan nie, word verskillende posisies op die graadskaal wel beklee veral deur gebruik te maak van die herhaling van die betrokke leksikale item. Verder kan daar ook 'n aaneenvoeging van die verskillende intensiteitstammorfeme plaasvind:

[3-23e]

'neutraal'	1	2	3
<i>lelik</i>	<i>skreeulelik</i>		<i>die skreeulelikste</i>
<i>alleen</i>	<i>stokalleen</i>	<i>stoksielalleen</i>	<i>stoksielsaligalleen</i>
<i>fyn</i>	<i>piekfyn</i>	<i>piek-piekfyn</i>	<i>die piek-piekfynste</i>

Vergelyk die volgende interessante kontaminasievorm:

[3-23f] Boeke is *lewensbroodnoodsaaklik*

waar *lewensbroodnoodsaaklik* < *lewensnoodsaaklik* + *broodnodig* (kontaminasie)

Vergelyk die volgende voorbeeld uit 'n kindergediggie in Pauw (1985: 292):


[3-23g]

Die Kalahari-wagtertjie
is *poedelnakend* kaal;
hy sit daar op 'n miershoop,
so eensaam en so vaal

waar die adjektiefintensief op sinsvlak kombineer met sy semanties ekwivalente adjektief om die intensiteit verder te verhoog.

Soos reeds gesien, beskik duplikasievorme as sodanig nie oor die vermoë om vergelykingstrappe te vorm nie. Die duplikasie wat voorkom in voorbeelde soos piek-piekfyn verskil wel van die tradisionele 'reduplikasievorme' omdat daar 'n ander soort koppeling van identieke stukke plaasvind as wat die geval is met die tradisionele 'reduplikasievorm':

[3-23h]



Semantiese herhaling met behulp van identieke graadmorfeme soos byvoorbeeld piek (2x) is maar een van die moontlikhede waarmee 'n toename van intensiteit bereik kan word. Semanties stem hierdie duplikasie ooreen met 'n vorm soos papsopnat. Daar is ook 'n semanties hiërargiese opbou van die onderskeie stamkomponente.

Oor die algemeen bestaan AI-samestellings (sonder interne intensivering, byvoorbeeld sop-sopnat of watersopnat) uit slegs twee lettergrepe, byvoorbeeld dol-graag, muis-klein, skreeu-honger.

In sommige AI-vorme is daar 'n ooglopende mate van semantiese herhaling aanwesig. In die voorbeeld sirkelrond impliseer sirkel- 'rondheid'. In reusegroot impliseer reuse- 'grootheid'; in hierdie geval is weglating van die adjektief aanvaarbaar, byvoorbeeld reuse huis waar die dominante adjektief se betekenis opgeneem en oortref word deur die intensief-graadmorfeem reuse. Semantiese herhaling soos dié in sirkelrond en reusegroot is egter verdedigbaar indien dit doelbewus gebruik word om te versterk.

Kleuradjektief-intensiewe (KAI) word ook onderskei: swart, wit, rooi, blou, groen en geel toon die grootste vermoë tot intensiefvorming. Ook ten opsigte van hierdie paradigma vind daar 'n toename in intensiteit plaas met die byvoeging van semanties en vormlik identieke elemente:

wit, spierwit, die spierwitste, die spier-spierwitste
swart, pikswart, pikgitswart, die pikgitswartste/
swart, pikswart, die pikswartste, die pik-pikswartste

Bykomend is die vermoë wat die KAI-vorme tot die volgende kombinasies het:

[3-23i]

adjektief-voorbepaling s.nw.

<i>die swartste</i>	<i>swart</i>
<i>die swartste swart</i>	<i>hare</i>
<i>die allerswartste swart</i>	<i>hare</i>
<i>die swartste van swart</i>	<i>hare</i>

Vergelyk ook die volgende: die rooiste rooi (rok), die geelste geel (lint), die groenste groen (gras). Woordlengte speel beslis 'n rol in die vorming en aanvaarding van hierdie konstruksies; in die volgende voorbeeld is die witste wit aanvaarbaar maar die oranjeste oranje (met onderskeidelik 4 en 3 lettergrepe) is nie; vergelyk:

[3-23j]

(die	+	1-lettergreep	+	ste)	+	kleur-s.nw.
------	---	---------------	---	------	---	-------------

<i>die</i>	<i>wit</i>	<i>ste</i>	<i>wit</i>
teenoor			
<i>*die</i>	<i>oranje</i>	<i>ste</i>	<i>oranje</i>


In ooreenstemming met die ander AI-samestellings is daar ook in KAI-vorme semantiese herhaling aanwesig. Maar in vergelyking met ander skakerings binne byvoorbeeld die wit-spektrum is die stel van die intensief spierwit om te onderskei van ivoorwit, aanvaarbaar.

Uit voorgaande bespreking is dit duidelik dat daar wel grade van intensiteit bestaan binne die adjektiefintensief-spektrum. Semantiese herhaling figureer baie sterk binne hierdie kategorie. Die semantiese meganisme wat in die bereiking van die intensiteitsmaksimering gebruik word, wissel van onder meer:

- (1) onderbou-patrone (*woedend* in *woedend kwaad*)
- (2) aaneenryging van leksikale intensiteitselemente (*stok-* + *siel-* + *salig* in *stoksielsaligalleen*)
- (3) herhaling van identiese leksikale intensiteitselemente (*stok-stok* in *stok-stokstyf*)
- (4) intensivering deur middel van (idiomatiese) uitdrukkings (*deur en deur nat*: "baie nat") (vergelyk hoofstuk 4)

Al hierdie SH-variasies kan gereduseer word tot die AI-konstruksie (smoorkwaad), of selfs tot die enkel leksikale item met intensivering in die onderbou (woedend). Vergelyk die volgende ten opsigte van nat:

[3-23k]



Die SH-elemente is in die hele intensiveringsmeganisme van groot belang. Dit wat semantiese herhaling is, is weglaatbaar maar hierdie skrapping lei tot 'n graadvermindering van intensiteit.

Om mee af te sluit, die volgende aanhaling van 'n vers deur N.P. van Wyk Louw as voorbeeld van geniale woordkreatiwiteit, ontginning en aanwending van die adjektief se trappe van vergelyking in poësie:

[3-23l]

XVIII

Die fles die word so bitter min
 minder word hy en bly min
 bid, bitter, bidder-ste
 laaiste, laer, leër, min

Dit bring 'n mens by die twee pole in die Stilistiek: "aan die een kant as gemeenskaplike besit, aan die ander kant as individuele prestasie" (Van Rensburg, 1964: 14).

3.4 SAMEVATTING

Die volgende is die belangrikste aspekte ten opsigte van semantiese herhaling op woordvlak:

Al die voorbeelde van semantiese herhaling wat op woordvlak val, is per definisie **komposita/komplekse**. Die verskillende kategorieë word onderskei op grond van die sinonieme verband (volkome of gedeeltelik) wat bestaan tussen die elemente van sodanige SH-kompleks. Twee groot kategorieë, van komposita word onderskei waar semantiese

herhaling ten opsigte van (1) affikse en (2) stamme voorkom.

Die semantiese relasies wat bestaan tussen element A en B binne 'n woord berus op algehele of gedeeltelike sinonimie. Diachroniese meervouds- en diminutiefelemente vorm só deel van die stamkomponent dat hulle nie meer as sodanig 'n semantiese funksie vervul nie; derhalwe word 'n sinchroniese morfeem met gelykwaardige semantiese waarde bygevoeg. Hierdie soort erkende patroonmatigheid gee aanleiding tot sinchronies analoë formasies wat op grond van fonologiese ooreenkoms ontstaan en mettertyd bevestig word.

Die tradisionele verskynsel van **iteratiwiteit** word met behulp van 'n hele aantal semantiese herhalingsmeganismes uitgedruk; **SH-duratiewe**, **SH-frekwentatiewe** en **SH-iteratiewe** word onderskei. Die semantiese implikasie en die korrektheid van die tradisionele term **reduplikasie** word bevraagteken. In stede van reduplikasie word die terme **duplikasie**, **triplikasie** en **kwadruplikasie** gebruik. Die beperking van reduplikasie tot woordvlak word opgehef deur die gebruik van hierdie spesifieker verwysings: van woordvlak word duplikasie, ens. deurgevoer tot stuk- en dus sinsvlak.

Die belangrikste redes vir die gebruik van veral duplikasie is vir die bereiking van **affek** (byvoorbeeld 'n pragtige ou rokkietjie) en **intensivering** (byvoorbeeld skat-skatryk) op woordvlak. Veral ten opsigte van die toename in intensiteit speel gradering 'n baie belangrike rol.